# DIE SAMELEWINGSKRISIS :
# DIE VRAAGSTUK VAN GEMEENSKAP.
# 'N SOSIOLOGIESE STUDIE

Verhandeling
goedgekeur ter gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

M A G I S T E R   A R T I U M

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS
(DEPARTEMENT SOSIOLOGIE)

deur

JACOBUS JOHANNES VENTER

Leier: Prof. dr. J.P. van der Walt

POTCHEFSTROOM.
November 1965.

Dit is hierdie verbesonderde krag wat 'n kenmerk is van alle gemeenskapslewe ten opsigte van 'n bepaalde struktuurnorm vir verskillende groepe in die samelewing wat die probleem van hierdie studie vorm.

'n Nadere tipering van die samelewingskrisis en die vraagstuk van gemeenskap sentreer dus om die „totstandkoming zowel als naar de verdere ontwikkeling en het voortbestaan van sociale eenheden met haar geestelijke waarden (waarin) er wisselwerking tussen individu en gemeenschap is" 1). Hierin gaan dit dus om die vraagstuk van maatskaplike beheer enersyds en die krisis in waardes andersyds, soos Mannheim dit uitdruk. Hierdie krisis in waardes beïnvloed die individu _en_ die groep se basiese bindinge, deugde en lewenshouding in veral die konstante samelewingsvorme wat van 'n min of meer duursame aard is.

Daarom bestudeer die Sosiologie veral die huwelik en gesin, die kerk en die staat, in die samelewing, met ander woorde die _gemeenskapsverhoudinge en gedragswyse_, die handelinge en gebeurtenisse wat in hierdie samelewingsvorme tot openbaring kom, om dit te beïnvloed en te vorm. Hierby kom ook nog die maatskaplike verhoudinge, kontakte en die kultuur.

In die raam van hierdie studie moet ondersoek ingestel word na die probleem van gemeenskapsbindinge en verhoudinge, en na die mate waarin daar nog met reg gepraat kan word van _gemeenskap_ ten opsigte van die kultuurkrisis in die samelewing waarin die volksankers van godsdiens, liefde, reg, ekonomie, ens., blykbaar hulle intensiteit as bindinge op verskillende

---

1) Lysen, A.: _Individu en Gemeenschap_. Bewerkt door B. Landheer, N.V. Servire, Den Haag, 1954; p.24.

lewensterreine verloor het of besig is om dit te verloor.

In ŉ sosiologiese beskouing moet dan ook sekerlik met die uitgangspunt van Tönnies se „Gemeinschaft und Gesellschaft" rekening gehou word om ŉ verantwoorde studie van hierdie vraagstuk te onderneem.

Saamgevat is die brandpunt van belangstelling in hierdie studie dus in breë trekke om ondersoek in te stel na die oorsake van die huidige krisis ten opsigte van die gemeenskapsverhouding in die drie-eenheid van die mens, die samelewing en die kultuur.

2. Die doel van hierdie verhandeling is in breë trekke om:

(a) Die aandag toe te spits op die toepassing van die begrippe: gemeenskap en maatskap- en wel met betrekking tot die waarheidsmomente op die terrein van die huwelik en gesin, die kerk en die staat.

Die bedryf word nie behandel nie aangesien die ekonomiese, tegniese, wetenskaplike, ens. as magte gesien word en geïntigreer is by die behandeling van die stof. Die skool word ewe-eens nie behandel nie omdat die pedagogiese aspek deurloop van kennis wat gegee en opgedoen word waarvolgens mens jou oriënteer en toepassing vind in die lewenspraktyk, soos aangedui in die te behandelde hoofstukke.

(b) Deur middel van ŉ begripsanalise van die samelewingskrisis vas te stel: eerstens wat die normatiewe aard van die samelewing in die algemeen is en, tweedens, wat die aard en invloed van die krisis op enkele waardes in die samelewing en kultuur is (gemeenskapskragte);(Hfstk 1).

(c) die aard en invloed van die krisis as gevolg van sekere magte en prosesse aan te dui, waarin deurgaans aansluiting gevind word by die toepassing van Tönnies se sisteem; (Hfstk 11 en 111)

(d) die aard en invloed van die krisis op die terrein van die liefde en die vraagstuk van gemeenskap in die huwelik en gesin aan te toon;(Hfstk 1V)

(e) die aard en invloed van die krisis op die politieke lewensterrein en die vraagstuk van gemeenskap in die staat aan te toon; (HfstkV1)

(f) die aard en invloed van die krisis op die godsdienstige lewensterrein en die vraagstuk van gemeenskap in die kerkinstituut aan te toon;(Hfstk V)

(g) samevattende gevolgtrekkings, positief en negatief te maak. (Hfstk V11)

# HOOFSTUK II.

## Die algemene sosiologiese beskouing oor die aard van die samelewingskrisis.

1. Inleiding:

Teen die agtergrond van die beknopte historiese oorsig van die ontstaan van die Sosiologie en enkele nadere bepalings van die doel en aard van hierdie ondersoek, val hierdie hoofstuk eintlik in twee onderdele uiteen, naamlik:

(A) 'n Begripsanalise van die samelewingskrisis,

(B) die probleem van die krisis in waardes in die samelewing in die algemeen.

Ons begin met enkele definisies en omskrywinge van die begrippe „krisis" en „samelewingskrisis" en daarna 'n analise en klassifikasie van dié begrippe.

(A) 'n Begripsanalise van die samelewingskrisis.

(1) Enkele definisies en omskrywinge van die begrip krisis.

(a) Volgens Fairchild [1] kan krisis gedefinieer word as „any interruption of the regular and expected succession of events: a disturbance of habit or custom which requires conscious attention on the part of the individual or the group in order either to reestablish the disturbed equilibrium or to establish new and more adequate habits or customs. Crisis which occur repeatedly and with some regularity in the life history of the individual or the group, such as birth, puberty, marriage, death, seasonable changes, phases of

---

1) Fairchild, H.P.: Dictionary of Sociology. Philosophical Library, New York City, 1944; p.78.

Opgedra aan my vrou en my ouers.

# INHOUDSOPGAWE

Voorwoord ........ Bladsye (vii)

HOOFSTUK I .................................. 1

Die algemene aard van die samelewingskrisis en die doel van hierdie ondersoek .................. 1

1. Inleiding .................................. 1
2. Die doel van hierdie verhandeling ........... 4

HOOFSTUK II .................................. 6

Die algemene sosiologiese beskouing oor die aard van die samelewingskrisis en die vraagstuk van gemeenskap .................................. 6

1. Inleiding .................................. 6
2. Die invloed en uitwerking van die magte wetenskap, tegniek en ekonomie op die samelewingskrisis .................................. 20
3. Enkele gevolge van die krisis in waardes in die samelewing in die algemeen ............. 23

HOOFSTUK III .................................. 28

Die probleem van gemeenskap in die samelewing in die algemeen .................................. 28

1. Inleiding .................................. 28
2. Hooflyne van die sisteem van Tönnies ........ 28
3. Enkele waarheidsmomente in die sisteem van Tönnies .................................. 31
4. Die kern van die probleem en die huidige kultuursituasie in die samelewingskrisis in die algemeen .................................. 32

5. Die stad en gemeenskapsvorming vs. die stad en maatskapsvorming in die samelewingskrisis ........................... 39

6. 'n Kennis van die aard van die normatiewe orde om die feitlike orde in die samelewing te kan vasstel ........................... 41

7. Samevatting en eie opvatting .............. 44

HOOFSTUK IV ................................. 46

<u>Enkele aspekte van die aard en invloed van die krisis in die gemeenskap van die huwelik en gesin</u> ................................. 46

1. Inleiding ................................. 46

2. Die huwelik as intieme seksuele liefdesgemeenskap ................................. 46

(A) Die huweliksbindinge .................. 46

(B) Enkele aspekte van die aard van die krisis in die huwelik en die vraagstuk van gemeenskap daarin ................ 49

(i) 'n Algemene tipering van die aard van die krisis in die huwelik ............ 49

(ii) Enkele oorsake van die krisis in die huwelik wat die twee-eenheidsgemeenskap aantas ................................ 50

(iii) Die uitwerking en gevolge van die krisis op die huweliksgemeenskap ............ 54

(iv) Die vraagstuk van gemeenskap in die huwelik: positief en negatief bespreek 55

(v) Tönnies se opvatting in breë trekke toegepas op die gemeenskapsverhoudinge van die huwelik ....................... 57

(C) Enkele riglyne vir die toekoms ........ 57

3. Die gesin as intieme liefdesgemeenskap op die grondslag van die bloedsband .......... 59
(a) Die gesinsbindinge .................. 59
(i) Definisies en omskrywinge van die gesin ........................ 59
(ii) Analise van die definisies en omskrywinge ...................... 60
(iii) Die radikale funksies bepaal die gemeenskapsaard van die gesin .... 62
(b) Enkele aspekte van die krisis in die huisgesin ......................... 64
(i) Oorsake van die krisis in die liefdes- en bloedgemeenskap ...... 64
(ii) Uitwerking en gevolge vir die gemeenskap in die huisgesin ...... 70
(iii) Volgens Tönnies se opvatting ..... 72
(iv) Enkele riglyne vir die toekoms ... 73

HOOFSTUK V ............................. 75

<u>Enkele aspekte van die aard en invloed van die krisis in die gemeenskap van die tydelike sigbare kerk</u> .............................. 75
1. Inleiding .............................. 75
2. Die kerk as geloofs- en kultusgemeenskap ... 75
(i) Definisies en omskrywinge van die kerkinstituut ........................... 75
(ii) Analise van die definisies en omskrywinge 77
(iii) Twee radikale funksies bepaal die gemeenskapsaard van die geloofsgroep .... 78
3. Enkele aspekte van die aard van die krisis in die tydelike sigbare kerk ................ 79

Oorsake van die krisis ........................ 79

(a) Sosiale verandering .................. 79

(b) Aantasting van die bestemmings- en funderingsfunksies .................. 81

(c) Materialisme ......................... 82

(d) Die kerk as draer en oordraer van 'n bepaalde komponente kultuurmassa ...... 83

4. Uitwerking en gevolge van die krisis vir die gemeenskap van die gelowige in die tydelike sigbare kerk ............................ 84

5. Tönnies se opvatting in breë trekke toegepas op die geloofsgemeenskapsverhoudinge in die kerkinstituut 90

6. Enkele riglyne vir die toekoms 91

HOOFSTUK VI. ................................ 92

Enkele aspekte van die aard en invloed van die krisis in die staat en die vraagstuk van gemeenskap .................................... 92

1. Inleiding ................................ 92

2. 'n Kort sosiologiese analise van die staat as samelewingsvorm ........................... 94

3. Enkele aspekte van die aard van die krisis op die terrein van die staat .................. 100

(a) Oorsake van die krisis in die gemeenskaps- en gesagsbinding van die staat .......... 100

(b) Gevolge en uitwerking van die krisis op die gemeenskap van die staat ........... 112

4. Enkele riglyne vir die toekoms ............... 113

HOOFSTUK VII ................................ 116

Samevattende gevolgtrekkings: positief en negatief

Bibliografie ................................. 118

## VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie verhandeling en die afsluiting van my studie aan die P.U. vir C.H.O. is dankbaarheid die oorheersende gewaarwording. 'n Diepe dankbaarheid teenoor die alwyse Verbondsgod wat my in staat gestel het om my akademiese studie tot hier te bring.

Teenoor my vrou, 'n diepe erkentlikheid vir die liefdevolle aansporing, geduld en bystand. Aan my ouers vir hulle intense belangstelling en aanmoediging waarsonder hierdie studie onmoontlik sou gewees het.

Met groot dankbaarheid dink ek ook terug aan die wetenskaplike bekwaamheid en raadgewing van my leier, Prof. dr. J.P. van der Walt. Dit was vir my 'n besondere voorreg en groot vreugde om deur daardie besondere onderwys steeds weer georiënteer te word na die Woord van God.

Dankbaar maak ek melding van die voortreflike dienste van die Ferdinand Postma-Biblioteek.

# HOOFSTUK I.

## Die algemene aard van die samelewingskrisis en die doel van hierdie ondersoek.

### 1. Inleiding.

Die ontstaan van die Sosiologie is eintlik die vrug van die Engelse en Franse denke,[1] en by name die teoretiese reaksie op die nood en krisis waarin die samelewing in die tyd van Saint-Simon en August Comte [2] verkeer het.

Dit was trouens Comte [3] wat die benaming Sosiologie gegee het aan 'n geordende sisteem van kennis oor die destydse samelewingskrisis.

'n Algemene tipering van die aard van die Sosiologie wat destyds nog in beginstadium was, is: „altijd heeft zij den mensch gesteld voor vraagstukken ... en praktische problemen ... op welke hij trachtte een antwoord te vinden" [4], en by name „dat (de Sociologie) geboren is uit de schokken en noden die een maatschappij in structuurverandering en crisis oproept" [5].

In hierdie lig kan 'n deurlopende tendens wat medeverantwoordelik daarvoor is en 'n onmiskenbare invloed op die ontwikkelingsgang van die Sosiologie tot vandag uitgeoefen het, gesien word in die lig van onder andere die volgende twee aanhalings: „... niet de huisindustrie, maar de grootindustrie ... de fabriek met haar concentratie van arbeidskrachten deed de stedelijke samenleving

---

1) Vgl. Kooistra, R.: De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie; Academisch Proefschrift ter verkrijging van de graad Doctor in de Heilige Godgeleerdheid. T.Wever-Franeker, 1955; p.20.

2) Idem.

3) Bogardus, E.S.; Sociology. Revised edition. Macmillan, New York, 1941; p. 539.

4) Bierens de Haan, J.; Sociologie, Ontwikkeling en Methode. N.V. Servire. Den Haag, 1946; p.10.

5) Kooistra, R.: De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie; p.20.

een massaal karakter verkrijgen ... die een maatschappij in structuurverandering en crisis oproept" 1).

Dit is hierdie tendens waarop onder andere, Banning die aandag vestig in Machten en Mensen as hy skryf: „het karakteristieke, tevens het precaire van de huidige cultuursituatie -- zeg van na de eerste wêreldoorlog -- ligt in het samentreffen van verschillende tendenties, krachten, veranderingen, die elk op zichzelf niet zo gevaarlijk behoefden te zijn, maar die samenvallend, elkaar beinvloedend en wederzijds versterkend, een noodtoestand oproepen die tot uiterste waakzaamheid dwingt ... zij vraagt naar haar aard om normering en leiding ... omdat vitaliteit zonder meer mij geen waarborg is voor creatieve humaniteit". Verder behandel hy hierdie vraagstuk wat die „krisis" in die samelewing en kultuur veroorsaak saam in 'n verantwoordelike beroep op „de creatieve humaniteit" 2).

Waar Comte deur middel van kreatiewe humaniteit 'n beter samelewing op wetenskaplike wyse wou skep, val die klem in die huidige kultuursituasie op die invloed van die „machten en mensen" in die algemeen: aan die een kant die normatiewe aard van die samelewing in die algemeen en aan die ander kant, die verbesondering van die norm vir die enkeling in die groep met betrekking tot die gemeenskapsbindinge.

---

1) Kooistra: De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie; p.20.

2) Banning, W.: Machten en Mensen. De inhoud der vrijheid in Europa; De macht van: het economisch gebied, de techniek, de apparaten, de politiek. Devaluatie der demokratie; Overwinning der Machten. De Erven F. Bohn N.V. Haarlem, 1959; p. 174-175.

the moon, etc., are said to be recurrent."

(b) Volgens die Algemene Kunstwoordentolk is dit „de scheiding, beslissing of beslissende wending eener zaak het beslissingspunt of -tijdstip, keerpunt; bedenklijke staat der omstandigheden ....." 1).

(c) „A situation in which there is a block to individual or group action of sufficient importance so that the individual or group must find ways of getting around it" 2).

(d) „The term 'crisis' can be applied either to the change which creates a situation for which habitual behaviour patterns of the family are inadequate or, more specifically, for that stage in the problem situation when attention is focussed on the inability of available resources to solve the problem" 3).

(e) In navolging van Ogburn se beskouing oor kultuur in sosiologiese sin naamlik dat 'n krisis 'n „cultural lag" of die agterblywing van een deel van die kultuur by die ander is, so sien ons, die gesinslewe en godsdiens by die tegniese en ekonomiese vooruitgang.

(f) „Een crisis, een kritieke toestand, is een keerpunt, een knooppunt van verwarring, waarin de continuiteit met het verleden verbroken schijnt en de weg naar de toekomst in het

---

1) Algemene Kunstwoordentolk; p.694.

2) Bolnow, O.F.: Neue Geborgenheit. Stuttgart, Keulen, 1955; P.42.

3. Mihanovich, C.S.: Schnepp, B.G.J.: & Thomas, J.L.: Marriage and the Family. The Bruce Publishing Company, United States of America, 1952; p. 304.

duister ligt, terwijl ingrijpende beslissingen genomen zullen moeten worden" [1]:

g) Eysink skryf dat wanneer die sosioloog die begrip krisis hanteer „dan dient men zich te realiseren dat het hier om een betrekkingsgrootheid gaat. Crisis staat tot het verleden en het heden in de verhouding van plus en min. En wel van plus en min in de etische waardering" [2].

(ii) Analise en klassifikasie van definisies en omskrywinge van die begrip krisis.

Uit dié enkele definisies en omskrywinge, asook andere, kan die volgende afgelei word:-

a) 'n Gemeenskaplike kenmerk by al bogenoemde definisies is dat krisis 'n versteuring, 'n beslissende wending of keerpunt beteken in 'n sosiale toestand of situasie. Sosiologies besien, het die toestand met verhoudinge, handelinge en gebeurtenisse te make; trouens dit is wat die etiese inhou, naamlik die terrein van naasteliefdesverhoudinge in (g) met betrekking tot die gemeenskapsverhoudinge as bindinge.

b) Die krisiskarakter dui gewoonlik op 'n verwarring, „interruption", bedenklike staat, „problems", ens. (vgl. nommers (a), (b), (d) en (f).)

c) Die krisisbegrip in wysgerige sin dui op 'n „kramptoestand" of 'n situasie wat die gewone lewensweg onderbreek en op 'n soort tydlose pouse wat die asem ophou [3].

---

1) Van Riessen, Ir.H.: De Maatschappij der Toekomst. T.Wever-Franeker, Tweede druk, 1953; p.36.

2) Eysink, R.: Gezinssociologie. Proeve van een systematische Inleiding MCLVII, Van Lochum Slaterus Arnhem; p. 123.

3) Bolnow: Neue Geborgenheit; p.24.

Teenoor hierdie siening van die krisis asook die soeke na 'n Neue Geborgenheit deur Bolnow, kom o.a. 'n vraag van dr. Eysink: „Verdraagt dit wijsgerige crisis zich met het beeld der fragmentische veranderingen welke zich in de structuur van het (bv.) gezinsleven voordoen" [1]?

Gee mens egter weer aan die begrip 'n ruimer betekenis, dan beland mens daar waar die begrip krisis met situasie geïdentifiseer word en daarmee sowel die begrippe situasie en krisis van hulle wesentlike betekenis beroof [2]. 'n Situasie kan sowel 'n krisistoestand as die normale gang van sake aandui - 'n proses dus.

d) 'n Ander beskouing is dat 'n krisis die disharmonie as gevolg van wanaangepastheid, of die agterbly van die etiek, gemeenskapslewe en maatskaplike vorme, by die snelle ontwikkeling en vooruitgang van die maatskappy is. (Vgl. die „cultural lag" van Ogburn [3].

e) 'n Krisis sou dus volgens skrywer getipeer kon word as die hoogte- of laagtepunt wat 'n „kurwesituasie" vertoon in die samelewing en wat dan die individu of groepsverhoudinge in so 'n mate versteur dat dit die afstand tussen die feitlike orde en die normatiewe orde (soos dit behoort te wees), in die samelewing verbreed. Die rede hiervoor is volgens o.a. Van Dijk [4] dat daar gedurig 'n strewe is om die feitlike orde so na moontlik aan die normatiewe orde te bring.

---

1) Eysink: Gezinssociologie; p.42.

2) Bolnow: Neue Geborgenheit; p. 42.

3) Vgl. Ogborn, F. and Nimkoff, M.F.: A Handbook of Sociology; Routledge Kegan Paul Ltd., London, 1956.

4) van Dijk, R.: Mens en Medemens; Een inleiding tot de Sociologie. 2de Druk, N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmij, Wagingen; p. 51.

Na hierdie kort uiteensetting van die aard en sommige eienskappe van 'n krisis, let ons vervolgens op die krisis in die samelewing.

iii) <u>Enkele definisies en omskrywinge van die begrip Samelewingskrisis.</u>

Die krisis in die samelewing word deur verskillende skrywers uit verskillende oogpunte benader, byvoorbeeld die volgende:-

a) „Voor hen (die sosialiste) is de crisis de disharmonie van het niet aangepast zijn, het achterblijven van ethiek, gemeenschapsleven en zijn maatschappelijke vormen, de „cultural lag" (Ogburn)" [1].

b) „... de huidige sociale crisis kan opgevat worden als de disharmonie tussen zulke echte gemeenschappen en de maatschappij als het geheel der samenlevingsvormen" [2].

c) Die samelewingskrisis word deur Mannheim opgevat as 'n agterbly van die vormneming van die samelewing by die nuwe situasie wat ontstaan het deur o.a. die moderne wetenskaplike ontwikkeling en tegniese uitvindinge. Die mens kon die situasie nie hanteer nie, sodat 'n krisis in waardes ontstaan: „... the approaching chaos and the crisis in our system of valuations ... the religious and moral unity which integrated mediaeval society was vanishing, ... in the very same social environment we now have the most contradictory philosophies of life ... we have no settled views, especially in our democratic societies, concerning the

---

1) Van Riessen: <u>De Maatschappij der Toekomst</u>; p.36-37.
2) Ibid.; p. 338.

right patterns of human behaviour and conduct" [1].

d) „...the nature of the breakdowns of civilizations can be summed up in three points: a failure of creative power in the minority, an answering withdrawal of mimesis on the part of the majority, and a consequent loss of social unity in the society as a whole" [2].

e) Albert Schweitzer het die samelewingskrisis onder andere gesien as die „lack of spiritual independence and humanity; development of ethical inhibism and an unethical conception of civilization; greater development of the material, rather than spiritual part of our civilization; a rapid advance in ethically indifferent knowledge and technology" [3].

f) Die krisis in die samelewing lê vir Banning [4] in die desintegrasie van „de persoon, van het gezin, van het platteland - in - crisis, van de massajeugd en de massa-volwassenen, van de internationale verhoudingen."

iv) <u>Analise van definisies en omskrywinge van 'n samelewingskrisis</u>.

Uit die vorige definisies en omskrywinge kan onder andere die volgende afgelei word:

a) „Niet alleen een ‚vertraagde' ontwikkeling van de mens t.o.v. de maatschappij, die door techniek, economie en wetenschap haar karakter kreeg, maar bovendien en vooral een ‚ontaarding' van beide, en het feit, dat de mens daardoor minder in staat is om over de kloof heen

---

1) Mannheim, K.: <u>Diagnosis of our Time, Wartime Essays of a Sociologist.</u> Routledge and Kegan Paul Ltd., London, 1959; p.12.

2) Toynbee, A.J.: <u>A Study of history</u>. Vol.IV. Oxford University press, 1934-1939; p. 120.

3) Sorokin, P.A.: <u>Social Philosophies of an age of Crisis</u>. Boston, The Beacon Press, 1951; p.120.

4) <u>Banning, W.</u>: <u>Moderne Maatschappij Problemen</u>. Eerste Bundel, 4de Druk, De Erven F. Bohn N.V., Haarlem, 1959; p.234.

bereikt te worden; dat zij elkaar steeds meer ‚ontglippen', is ons hoofdprobleem" [1]. (Vgl. (a), (b) en (c).)

b) Die samelewingskrisis kan uitsluitlik bestempel word as 'n krisis in waardes. Die verlies aan waardes in die gemeenskapsverhoudinge spruit hoofsaaklik voort uit „de geest van saecularisatie, van voortgaande ontkerstening, die als onvermijdelik gevolg na zich sleepte een ontwijden van heel het menschenleven en een teloorgaan van talrijke van de hoogste levenswaarden" [2].

c) In die samelewingskrisis speel die „massa"-element 'n belangrike rol o.a. vir veral Mannheim en Banning, (Vgl. nommers (c), (d) en (f) ). „The main changes we are witnessing today can ultimately be traced to the fact that we are living in a Mass Society" [3], wat dit in problematiek op talle lewensterreine impliseer.

d) Laastens is op te merk dat die samelewingskrisis hom tans openbaar op haas elke lewensterrein sodat die invloed op die samelewing as geheel verreikende gevolge het wat ons tans sien, beleef en kan beskryf. (Op die gevolge word in die volgende hoofstukke ingegaan.) Wat egter 'n nadere toeligting vereis, is die volgende:

B. <u>Die probleem van krisis in waardes in die samelewing in die algemeen</u>.

1) <u>Inleiding.</u>

Reeds gedurende die tweede wêreldoorlog het Mannheim

---

1) Van Riessen: <u>De Maatschappij der Toekomst</u>; p.249.

2) Brillenburg Wurth, G.: <u>Het Christelijk leven in Huwelijk en Gezin</u>. Uitgeversmij, J.H.Kok N.V., Kampen MCMLX, Tweede druk, 1951; p. 37.

3) Mannheim; <u>Diagnosis of our Time</u>; p.1.

sekere sosiale magte waargeneem wat besig was om die kern van waardes in die samelewing en kultuur aan te tas [1].

In hierdie verband praat Mannheim van „the cultural crisis through which our society is passing, the spiritual changes in society at large, which certainly have their impact also upon the behaviour difficulties of individuals in their everyday life ... those epoch-making changes caused by industrial civilization, such as the partial, sometimes total disorganization, of our customs, habits and traditional valuations ... those social processes which very often disintegrate the family or the community ... the changed nature of work and leisure, and their impact upon personality formation or their disintegrating effects" [2].

Banning praat van die „crisis der democratie" en verder dat die situasie van die Christendom in die moderne wêreld as 'n „krisis" beskou kan word. Daarom konkludeer hy soos volg: „Met deze veranderingen ging gepaard een verwarring omtrent de geestelijke waarden, die het menslijk leven richten en inhoud geven" [3].

Die verandering waarvan Banning praat, hang ten nouste saam met die volgende:

ii) Die groot oorgange in die samelewing.

In sy behandeling van die krisis in waardes, wys Mannheim op die geskiedenis van die samelewing wat 'n verandering gebring het in die gemeenskapsbindinge veral wat die individu in die groter verband bevredig en beveilig het.

---

1) Mannheim: Diagnosis of our Time; p. 8.

2) Ibid.; p. 58.

3) Banning: Machten en Mensen; p. 177.

Van der Walt gee 'n beknopte oorsig in hierdie verband as hy sê: „So was die individu byvoorbeeld in die verlede ingeskakel in 'n groter verband wat hom vastigheid gegee het.

(a) Byvoorbeeld, in die Griekse antieke wêreld was die individu geanker in die staatsverband - die staat het hom beveilig en bevredig.

(b) Tydens die Middeleeue was die individu gewortel in die Rooms-Katolieke kerk, wat sy individuele voedingsbodem was.

(c) Aan die end van die Middeleeue kry ons die emansipasie van die individu wat tewens die verligtingstydperk aankondig" [1].

Die individu wat aanvanklik sy bindinge in die rede gevind het, het as gevolg van die onbevredigende karakter daarvan sy toevlug tot die gemeenskapsbinding geneem. „Intussen raak die gemeenskap ook gedisintegreer omdat die norme daarvan verswak met die uitwerking van massabinding" [2].

Die massagemeenskap word deur spesiale metodes, deur Mannheim genoem sosiale tegnieke, in stand gehou.

Die geweldige magte van hierdie tegnieke in die hande nie alleen van die owerhede nie maar ook van die massagemeenskap kan gesien word in o.a. die volgende:

(a) Militêre tegniek,

(b) organisasie en administrasie,

(c) publieke opinie,

(d) sosiale tegnieke, ens. [3].

---

1) Van der Walt, J.P.: Die plek van sekere geesteswetenskappe, met besondere verwysing na die plek van Sosiologie in die opleiding van onderwysers, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Pretoria, 1952; p. 51.

2) Ibid.; p.52

3) Mannheim: Diagnosis of our Time; p.2.

„Die sosiale tegnieke bevat niks slegs op hulleself nie, maar die konsentrasie daarvan karakteriseer die struktuur van die moderne gemeenskap" [1].

Hierdie groot oorgange in die samelewing is die oorsaak van die „mees uiteenlopende en teenstrydige lewens- en wêreldsbeskouinge" [2]. Van der Walt noem hier o.a. die opvatting van naasteliefde en Christelike tradisie; die verligtingstydperk en die liberalisme; die Sosialiste met 'n beplande sosiale orde; Nazi'sme wat weer vrugbaarheid, ras, mag, met stam en militêre deugde van verowering, dissipline en blinde gehoorsaamheid, benadruk" [3].

Die oorgange wat hier genoem is, is hoofsaaklik die gevolg van 'n proses van sosiale verandering waarop ons kortliks let.

iii) <u>Die Sosiologiese beskouing oor verandering dui op 'n proses</u>, soos verskillende skrywers dit stel.

(a) <u>Die begrip proses in die Sosiologie</u>.

By die bestudering van die proses van sosiale verandering en van die vraag of dit ten goede of ten kwade is, moet die normatiewe en feitlike orde steeds in gedagte gehou word. Hier het ons o.a., te doen met die vraag na oorsake en gevolge, maar ons let eers kortliks op 'n proses self.

Reuter en Hart sê: „A process is a group of activities each of which constitutes a transition from one status or condition to another. Every natural process involves the reciprocal interaction of diverse elements. Things that are identical have no separate existence and do not interact. Where there is no interaction, there is no process." [4]

---

1) Van der Walt: <u>Die Plek van sekere Geesteswetenskappe met besondere verwysing na die plek van Sosiologie in die opleiding van onderwysers;</u> p.54.

2) Idem.

3) Idem.

4) Reuter, E.B. & Hart, C.W.: <u>Introduction to Sociology</u>. New York & London, McGraw & Hill, 1933; p.58.

Wanneer dus sekere wisselwerkende faktore in die samelewing 'n bestaande proses in 'n ander rigting stuur, tree 'n proses van sosiale verandering in.

Die oorsake van die proses van sosiale verandering moet duidelik onderskei word van die proses self, aangesien 'n sosiale proses uitsluitlik die handeling of aktiwiteit aantoon wat ontstaan uit 'n menslike behoefte,bv. die proses van verstedeliking.

Na hierdie paar omskrywinge van 'n proses, d.w.s. die sosiologiese beskouing, let ons nou op sosiale verandering as 'n proses.

(b) Die proses van sosiale verandering.

Wirth e.a. stel die probleem soos volg: „Social change and social disorganization or the study of the broad transformations going on in society, the manner in which they affect institutions, attitudes, ideas and behaviour, and the problem situations which men confront" [1], is die kern van die vraagstuk van gemeenskap in die samelewing.

„We shall define social change as variation from the accepted modes of life, whether due to alteration in geographic conditions, in cultural equipment, composition of the population, or ideologies, or whether brought about by diffusion or invention within the group. It is thus clear that by our term modes of life we include not only what McIver calls social relationships, but any generally accepted way of satisfying the needs of the group" [2].

Die proses van sosiale verandering vind gedurig plaas op elke lewensterrein as gevolg van die intieme wisselwerking tussen samelewingsvorme. Gewoonlik beïnvloed die proses van sosiale verandering op een

1) Wirth, L.: The Significance of Sociology in International Social Science. Bulletin Summer, 1951, Vol. III. No. 2; p. 199.
2) Gillen, J.L. & Gillen, J.P.: An introduction to Sociology, New York, McMillan, 1945; p. 482.

lewensterrein die groepe, gedragswyse en handelinge op ander terreine.

Onteenseglik lê hierin opgesluit die probleem van waardes.

(c) Die proses van sosiale verandering en waardes.

Dit is baie duidelik dat die begrip sosiale verandering onder meer inhou 'n algemeen aanvaarde lewenshouding - dus 'n uitvoering gee aan 'n gemeensaamgerigte doelstelling om in bepaalde lewensbehoeftes te voorsien.

Hierin kom die reaksiewyse van so'n groep tot openbaring in die tussenmenslike verhoudinge en gedragswyse - dus ook lewensuitinge wat ten nouste saamhang met lewenswaardes waarna die mens en groep hom rig.

Dit bring ons by die probleem van Sosiologie en waardes. Ons let op enkele uitsprake in hierdie verband: „A complete study of human life thus involves a synthesis, but not a fusion, of social science and social philosophy" 1). Met betrekking tot Sosiologie en Godsdiens, sê Mannheim die volgende: „The religious focus is not a moral or ethical experience nor a way of regulating behaviour and conduct, but a way of interpreting life from the centre of some paradigmatic experience" 2). Demant skryf: „No human society known to exist or to have existed has ever behaved as though its mere biological preservation were its sole pre-occupation. Mankind has always had some super-biological purpose for which to live" 3).

---

1) Ginsberg, M.: Sociology. O.U.P., 1934; p.37.

2) Mannheim: Diagnosis of our Time; p.134.

3) Demant, V.A.: Christian Polity. Faber. 1936; p. 61.

Hieruit lei ons af dat: "..... die beginselgetroue sosioloog nie sy toevlug tot relativisme hoef te neem nie" [1], - hy kan 'n standpunt inneem t.o.v. waardes in die Sosiologie.

Met so'n uitgangspunt kan ons in die algemeen probeer vasstel watter sosiologiese faktore, naas andere, 'n bydrae lewer tot die samelewingskrisis.

iv) Enkele sosiologiese faktore met betrekking tot die huidige krisis in waardes.

In hierdie verband let ons op sommige verwarringe wat op sekere lewensterreine heers as gevolg van 'n beoordeling van 'n krisis in waardes.

a) Inleiding.

Vooraf noem Mannheim sekere verwarringe; oor die probleem van byvoorbeeld vryheid en gesag en die resultaat is: "that we have no clear-cut criteria - " [2].

'n Volgende voorbeeld is met betrekking tot die verwarring op onderwysgebied met die resultaat "since the further we progress the less we know what we are educating for." [3].

So ook 'n verwarring t.o.v. vrye tydsbesteding, naamlik, "We are equally vague concerning the meaning and value of work and leisure" [4]. Die gevolg is byvoorbeeld "the idea of privacy and contemplation, and of their value, is at war with that of mass enjoyment and mass ecstacy" [5].

---

1) Van der Walt: Histories-prinsipiële beskouing oor die opvoedkundige sosiologie; p. 337

2) Mannheim: Diagnosis of our Time; p.13

3) Idem.

4) Idem.

5) Ibid.; p.14.

Genoeg is gesê met hierdie paar voorbeelde, en saamgevat konstateer Mannheim „there is nothing in our lives ... about which our views are not at variance" [1]. Die slotsom waartoe hy geraak is naamlik. „it is definitely not good to live in a society whose norms are unsettled and develop in an unsteady way." [2].

Die dieperliggende faktore is dat enkele denkers „became aware of the dangers inherent in the crisis in valuations, and tried to find the deeper causes of that crisis" [3].

Nou sluit ons aan by:

b) <u>Enkele sosiologiese faktore met betrekking tot die samelewingskrisis</u>.

Onder andere noem Mannheim die volgende:-

1) „The uncontrolled and rapid growth of society" [4]

'n Aanduiding van die massasamelewing en die aard van die krisis vind ons veral in 'n omskrywing van o.a. Röpke. [5]

2) 'n Radikale hervorming (of vervorming) wat sekere van ons opvattinge ondergaan het;

3) 'n Oorgang van pre-industriële na 'n hoogs geïndustrialiseerde gemeenskap;

4) 'n Groeiende aantal persoonlike kontakte en teenstrydige waardes in dieselfde kookpot;

5) 'n Bewuste beïnvloeding van mense om in 'n bepaalde rigting te handel in 'n variasie van graadverskille;

---

1) Mannheim: <u>Diagnosis of our Time</u>; p. 13.
2) Idem.
3) Ibid.; p.15.
4) Ibid.; p.17.
5) Vgl. bv. Röpke, W.: <u>Civitas Humana</u>. Grundfrage der Gesellschafts- und Wirtschaftsreform, 3 Auflage, Eugen, Reutsch verlag, 1949; p. 243-249.

6. Heropvoeding van die hele mens vir verantwoordelike aansluiting by die samelewing.

In hierdie omlysting moet besondere aandag aan ons masjien- en kernkrageeu gegee word - ons behandel dit onder die volgende opskrif:

2. Die algemene invloed en enkele gevolge van die uitwerking van wetenskap, tegniek en ekonomie op die samelewingskrisis.

a) 'n Kort onderskeiding tussen wetenskap, tegniek en ekonomie.

Daar is moeilik te onderskei tussen die werkinge en resultate van die moderne wetenskap en tegniek want „De techniek en de wetenschap zijn in onzen tijd zeer innig met elkaar verbonden" 1). Tog moet ons duidelik onderskei tussen ontdekkinge wat die resultaat van die wetenskap is en uitvindinge daarenteen as resultaat van die tegniek. Die ontdekking gee nuwe kennis van wat reeds vroeër bestaan het, terwyl die uitvinding aan die mens 'n nuwe apparaat, werkwyse of produk verskaf, wat voorheen onbekend was.

Die Ekonomie as wetenskap het 'n eie terrein van ondersoek sodat die ekonomiese handelinge van die mens duidelik te onderskei is van sy politieke-, godsdienstige- en ander handelinge en gebeurtenisse.

Die bepaalde praktiese gebied van die Ekonomie is eerstens die konsumpsie of behoeftebevrediging en tweedens die produksie of behoeftevoorsiening met 'n strewe na die ekonomiese winsmotief.

Met hierdie kort onderskeid wil ons volstaan deur te let op:

b) Die algemene invloed en uitwerking van die magte wetenskap, tegniek en ekonomie op die samelewing.

---

1) Van Riessen, J.H.: Roeping en probleem der Techniek. J.H. Kok, N.V. Kampen 1952; p.19.

1) Tot op hede het die mens ver gevorder met sy wetenskap en tegniese middele. Van Riessen beskryf die vrug hiervan soos volg: „De aarde heeft een technische make-up gekregen. Niet alleen getuigen onze huiskamers, onze straten en steden daarvan, krioelt het onder het aardoppervlak van buizen en kabels en is de aether een wirwar van berichten, de mensen zelf zijn ook veranderd. Zij zijn zeer zakelijk geworden; net als hun huizen en bruggen. En zeer gespecialiseerd; net als hun machines"[1].

2. As gevolg van die onnoembare prestasies van die moderne wetenskap en tegniek in die veranderende samelewing het die mens se lewe self in die gedrang gekom. De Vries sê in hierdie verband dat: „de mens leert in zekere zin leven en dood beheersen. De voorlichting voor het sexuele leven gaat byvoorbeeld al uit van een sociale, economische, soms nog psychologische motivering. De beperking van de geboorten tot de eerste huwelijksjaren toont aan, deze motivering is geaccepteerd. Kerk en godsdienstige overtuiging spelen blijkbaar geen rol meer" [2].

3. Die groot mag wat die mens in die wetenskap en tegniek verwerf het, het meegebring dat die gesonde gemeenskapsverhoudinge op verskillende lewensterreine ingeboet moes word ten koste van 'n saaklike hardheid. As ons let op „de sware verantwoordelijkheid van de mens, de eisen van specialisatie en teamwerk, op de gevaren van vervreemding van de natuur, van machtsmisbruik, in het bijzonder van de overspannen van

---

1) Van Riessen, J.H.: Roeping en probleem der Techniek. J.H. Kok, N.V. Kampen 1952; p.19.

2) De Vries, E.: De dienst van de kerk aan de Industriearbeider. T. Wever, Franeker, 1962; p.125.

enkelen over velen, voorts op het gevaar van een vervreemde onafhankelijkheid van de mens in de schepping" [1], dan voel ons oortuig dat die funksies van die gemeenskapsbindinge in die konstante samelewingsgroepe hulle intensiteit verloor en dat gesoek word na losser bindinge, bv. in die massa. Dit hou ten nouste verband met die volgende om min of meer 'n geheelbeeld te gee.

4. Opsommend noem ons die volgende:-

a) Die devaluasie van die arbeid en die resultaat is verreikend „want de devaluatie van de arbeid is een facet van de ontwikkelingsrichting in de gehele Westerse cultuur. De spits dezer richting doelt in het verschiet op een toestand, die men o.a. met depersonalisatie, collectivisme en dirigisme aan kan duiden ... een storende verlies aan vrijheid; naamlik de bestaansvrijheid in het milieu der samenleving en de vrijheid van het hart" [2].

b) Die ekonomiese aspek en die resultaat kan gesien word in die kapitalistiese mentaliteit van ekonomisme wat die samelewing deursuur asook o.a. die onversadigbare behoeftebevrediging, „waaraan de productie op verrassende wijze tegemoet komt; economisch heet dat welvaartsverhoging, geestelijk mog men spreken van de macht van een welvaartsideologie" [3].

Mihanovich e.a. skryf: „The economic organization of the country is disrupted"[4].

---

1) Van Riessen, Ir.h.: De moderne cultuur en de Christelijke school. Uitdaging en antwoord, J.H. Kok, N.V.Kampen, 1962; p.13.

2) Van Riessen; Roeping en probleem der Techniek; p.42-43.

3) Banning: Machten en mensen; p. 53.

4) Mihanovich, Schnepp & Thomas: Marriage and the family; p. 15.

Om mee af te sluit: „A new theory of economics is rapidly displacing the old classical system, and when finally completed will be found to be an economic shot through and through with the social idea that economic conditions can be altered by human endeavor" 1).

Die vraag in hoe 'n mate die mens, die samelewing en kultuur geraak word deur die krisis in waardes kan soos volg behandel word:

3. Enkele gevolge van die krisis in waardes op die mens, die samelewing en kultuur.

As uitgangspunt gebruik ons 'n aanhaling van Van Riessen: „Op de achtergrond van onze maatschappelijke crisis staat een geestelijke crisis" 2). Opgesluit in hierdie maatskaplike krisis en geestelike krisis, lê o.a. die volgende:

(i) Sekularisasie. In 'n begripsanalise van sekularisasie en sekularisme sê o.a. Banning die volgende: „Als wereld (dus: wetenskap, politiek, kunst, enz.) zich aan de leiding en de tucht van de kerk gaat onttrekken, en alleen eigen inhaerente normen erkent, kan men spreken van sekularisatie" 3).

Ook word sekularisasie omskryf as „de verwereldlijking, ontwijding, de verplaatsing uit den geestelijken stand in den wereldlijken, ..." 4).

Die gevolge wat die krisis in waardes het op die mens, die samelewing en kultuur in die vorm van die

---

1) Blackmar, F.W. & Gillen, J.L.: Outlines of sociology. New York, The Macmillan Co., 1928; p.229

2) Van Riessen: Roeping en probleem der Techniek; p.14.

3) Banning: Machten en Mensen; p.179.

4) Algemeene Kunstwoordentolk.; p. 1121.

sekularisasietendens is o.a. „De verbreiding en intensivering van de afval van God hebben de spanning in de cultuur overal zeer vergroot ... onze voorheen christelijke cultuur thans in toenemende mate afvalt van God en Zijn dienst. Dat betref het geloof der mensen zowel als de praktijk van allerlei levensterreinen. Het verschijnsel vertoont zich in de vervreemding tussen kerk en wereld, in de geestelijke verwarring van onze tijd ...." [1].

Hierdie tendens word gekenmerk deur die vervlakking, nivellering en realisering van die hoëre geestelike lewenswaardes tot tydelike wêreldse lewensuitinge wat bv. die <u>gemeenskapsverkeer</u> betref in die intieme liefdesverhoudinge, naasteliefde verhoudinge, gesinsverhoudinge: ook op die terrein van die skool (o.a. die gesagskrisis) en op die terrein van die staat (o.a. die diktator ens.)

(ii) <u>Materialisme</u>.

As De Vries sê: „het materialisme haalt de zedelijke waarden omlaag tot het peil van utilistische en hedonistische berekening", en „Daarom leidt deze levensverhouding tot een zedelijke degeneratie" [2], dan tref dit veral dat dit ook hier gaan om 'n <u>waardekrisis</u>.

Materialisme en veral die <u>gebruiksmaterialisme</u> is een van die mees kenmerkende gevolge van die krisis in waardes op die mens, die samelewing en kultuur. Dit word gekenmerk deur die oorskatting of verabsolutering van die materiële waardes en kultuurgoedere ten koste van bv. die etiese, godsdienstige, sosiale,

---

1) Van Riessen: <u>De moderne cultuur en de Christelijke school, uitdaging en antwoord</u>; p.14.

2) De Vries: <u>De dienst van de kerk aan de Industriearbeider</u>; p. 126.

historiese e.a. lewenswaardes en geestelike kultuurgoedere. Trouens, die oorbeklemtoning van die ekonomiese en materiële kultuur, lei tot ekonomiese determinisme [1].

Hierdie tendens hang nou saam met die kommersialisering van geestelike waardes wat desintegrasie van die individuele en groepshandeling beteken. Hierop let ons vervolgens.

(iii) Desintegrasie van die individuele en groepslewe.

a) Banning sê: „wanneer bepaalde tendenzen gaan overwoekeren en de innerlijke eenheid uitvalt, dan ontstaan de eenzijdige typen, in wie is afgestorven het vermogen tot evenwichtigheid; de sexualist, in wie de sexualiteit de liefde vermoord; de rationalist, in wie het besef van het mysterie sterft; de fantast, die geen redelijke remmen meer kent; de wettische moralist, die de vergeving heeft doen vluchten. Desintegratie kan dus zowel ontbinding als verstarring van innerlijke leven en evenwicht tengevolge hebben" [2].

b) Desintegrasie kan ook omskryf word as die kommersialisering van geestelike waardes soos die moraal, ens. Dit is onder andere dus 'n gevolg van die krisis in waardes wat die intieme samelewingsverbande in die kern raak en van die enkeling en groep soekers maak na 'n vryheid sonder gebondenheid. „Dat leidt dan tot de aanvaarding en de beleving van de souvereine menselijke persoonlijkheid als maat aller dingen"[3]. (humanistiese rigting).

---

1) Vgl. Hobbs, A.H.: Social problems and scientism. Stackpole, Pennsylvania, 1953; p.144.

2) Banning, W.: Moderne Maatschappij problemen. Technificatie, urbanisatie, massaficatie, sociale verhoudinge, sociale mythen, arbeidsproblemen, platteland, gezin, integratie en disintegratie. De Erven F.Bohn, N.V. Haarlem, 1959; p.225.

3) Van Dijk: Mens en medemens; p.25

c) Hierdie desintegrasieprosesse in die samelewing word gestu deur die feit dat die mens „de invloed ondervindt van een massaliteit van tussenmenselijken bindingen en verhoudingen", en dat „de mens overstroomd wordt door een stortvloed van gedachten, ideën, idealen en meningen die van alle kanten op hem afkomen en zich aan hem opdringen" 1). Die gevolg: die relativering van die sosiale waardes.

d) Banning praat ook van „desintegratie der persoonlijkheid ... wanneer één der levensgebieden of maatschappelijke functies overwoekert, dat andere verdorren of afsterven: het komen in de greep van economisme, technicisme, politicisme, étatisme is te duiden als desintegratie der maatschappij" 2). Dit kom daarop neer dat die groepslewe, asgevolg van die krisis in waardes, d.w.s. die gevolge van die verabsolutering van een waarde ten koste van ander, of die geringskatting van een waarde ten koste van andere, deur die integrerende kragte, die funksies van gemeenskapsbindinge en die persoonlikheid self tot niet laat gaan.

(iv) Sosiaal-patologiese verskynsels.

a) „In the earlier history of sociology, the basis for judging what constituted societies 'ills' was candidly and uncritically moralistic. By this we mean that sociologists bothered little or not at all about the method by which they placed their ethical tags of 'good' or 'bad' on various social conditions or behaviours. They simply drew upon their own sense of the rightness of things or took their cue from social reformers of the time ..." 3).

---

1) Van Dijk: Mens en medemens; p.141

2) Banning: Moderne maatschappij problemen. 1ste bundel. P. 229.

3. Lemert, E.M.: Social Pathology. New York London, Mc Graw-Hill 1951; Introduction. p.3.

b) Die vraag wat sosioloë deurentyd besig hou, is of daar ten opsigte van die verskynsels wat hulle in die samelewing ondersoek, wel waardeoordele gevel moet word al dan nie. Ons standpunt is bewys en ons antwoord positief.

c) Sosiale patologie of die studie van sosiale siekteverskynsels is 'n sosiologiese begrip wat aandui dat daar gedrag en verskynsels in die samelewing voorkom wat afwykend is van die algemeen-aanvaarde norme. Die gevolg van die krisis in waardes is dat die mens se gedrag onder sekere omstandighede, o.a. in die proses van sosiale verandering, in so'n mate afwyk van die normatiewe orde dat dit sosiale desorganisasie in die hand werk. en die funksies van die gemeenskapsbindinge in die samelewing ontwrig. Oor die besondere patologiese verskynsels hoef ons nie te spreek nie - ons het slegs getipeer wat voldoende is.

Teen hierdie agtergrond van die sosiologiese beskouing oor die aard van die samelewingskrisis in die algemeen wil ons nou let op die probleem van gemeenskap in die algemeen sover dit die samelewing betref.

## HOOFSTUK III

**Die probleem van gemeenskap in die samelewing in die algemeen.**

1. Inleiding:-

(a) In aansluiting by die normatiewe aard van die samelewing in die algemeen, nl. die waarmaking van die Godgegewe wette, beginsels en norme in die lewens van almal en alle groepe, wil ons vooraf 'n aanknopingspunt kry by die hooflyne en waarheidsmomente in die sosiologiese stelsel van Tönnies en veral t.o.v. die rol en funksie van die begrippe gemeenskap en maatskap in die samelewingskrisis.

(b) Net so'n groot verskeidenheid samelewingsvorme as wat ons kan waarneem, so'n verskeidenheid samelewingsverhoudinge vind ons in die samelewing. Die bekendste wyse waarop hierdie verhoudinge ingedeel is, is seker dié van die Duitse sosioloog Ferdinand Tönnies [1]. Hy onderskei nl. tussen Gemeinschaft en Gesellschaft, wat veronderstel dat die tussenmenslike verhoudinge in twee groepe ingedeel word op grond van die wesenlike verskille wat die groepe vertoon. Om hierdie verskille aan te toon, let ons op die hooflyne van die sisteem van Tönnies.

2. Hooflyne van die sisteem van Tönnies.

(a) Bierens de Haan [2] sê in sy uiteensetting van die hooflyne van Tönnies se sisteem dat laasgenoemde die begrippe gemeenskap en maatskappy as twee teenoorgestelde begrippe gesien het. Volgens Tönnies kan die verhouding tussen mense, en die verband wat daaruit ontstaan, òf

---

1) Tönnies, Ferdinand: Gemeinschaft und Gesellschaft. Grundbegrippe der reinen Sociologie; 1ste Druk, 1887.

2) Bierens de Haan: Sociologie, ontwikkeling en methode; p. 80.

as werklike en organiese lewe begryp word (dit is die wese van gemeenskap), òf as ideële (rasionele) vorming (dis die wese van die maatskappy): „De vertrouwde, de huislijke, besloten samenleving is leven in de gemeenschap; maatschappij is het openbare, de wereld" [1] respektiewelik.

Verder sê Bierens de Haan van Tönnies se sisteem: „Men spreekt van huwelijksgemeenschap, van geloofs- en spraakgemeenschap. Maar op ekonomisch gebied spreekt men van maatschappij; ook op wetenschaplijk gebied" [2].

(b) „De van nature gegeven sociale eenheden, waarin men zich van de geboorte af bevindt, rangschikt hij onder het begrip ‚Gemeinschaft'. Alle vertrouwelijk, intiem, persoonlijk samenleven wordt onder ‚Gemeinschaft' begrepen onder ‚Gesellschaft' verstaat hij een verhouding met afgebakende rechten en plichten tussen overigens van elkaar onafhanklijke personen. Volgens Tönnies is het samenleven in Gesellschaft slechts schijnbaar en voorbijgaand, in tegenstelling tot dat in Gemeinschaft" [3].

Op grond van Tönnies se idee dat beide hierdie verhoudings berus op die mens se wil, bou hy sy sisteem van Wesenwillen en Kürwillen uit.

(c) In die onderskeiding tussen Gemeinschaft en Gesellschaft veronderstel Tönnies dat die tussenmenslike verhoudinge wat 'n band vorm, ontstaan uit òf die Wesenwillen òf die Kürwillen. Daarmee bedoel hy enersyds die rasionele wil en handeling.

Uit hierdie bevindings verklaar hy dat die sosiale

---

1) Bierens de Haan: Sociologie, ontwikkeling en methode; p. 80.
2) De Haan: Sociologie, ontwikkeling en methode; p. 80.
3) Van der Linde, H.B.: Van Nummer tot Mens; Vuga-Boekerij, Arnhem. 1962; p. 115.

„bindinge" wat gevorm word deur die Wesenwillen Gemeinschaft is, en diè deur Kürwillen is Gesellschaft: „I call all kinds of association in which natural will predominates Gemeinschaft, all those which are formed and fundamentally conditioned by rational will, Gesellschaft" [1].

(d) In aansluiting by die vorige, onderskei hy tussen die <u>bejahende</u> en die <u>verneinende</u> betrekkinge tussen mense. Eersgenoemde is die positiewe of op die behoud van die wil van die ander mense gerigte verhoudinge, waarop hy sy ondersoek rig, en laasgenoemde is die verhoudinge wat die wil van andere wil vernietig.

(e) In die velerlei positiewe betrekkinge waarin mense as individue of groepe in kontak met mekaar is, vind ons 'n <u>Verbindung</u> wat na binne <u>en</u> na buite werksaam is. Hierdie <u>Verbindung</u> is volgens Tönnies òf <u>Gemeinschaft</u> òf Gesellschaft [2].

Hy onderskei dus tussen die intieme, huislike, duursame, eg persoonlike samelewingsverhoudinge en die meer willekeurige verhoudinge wat Van Dijk tipeer as samewerking [3], as 'n begrip van algemene aard in die samelewing.

(f) Die grondtipe van die Gemeinschaft is die gesin en familie, terwyl die „gesinsfamilie" die algemeenste uitdrukking van die wese van Gemeinschaft inhou. Hierteenoor staan die „do ut es" (ek gee omdat jy gee) wat die enigste verhouding is vir die kontrakverhouding in die begrip Gesellschaft. Die „gesellschaftliche" verhouding veronderstel slegs 'n aantal persone wat in staat is om iets te lewer deur samewerking en gevolglik

---

1) Tönnies, F.: <u>Community and Association;</u> (Gemeinschaft und Gesellschaft) translated and Supplement by C.P. Loomis, Routledge Kegan Paul, London; p.17.

2) Tönnies: <u>Gemeinschaft und Gesellschaft</u>; p.150.

3) Van Dijk: <u>Mens en Medemens</u>; p.35.

ook om iets te beloof.

Gemeenskap word gesien as die egte en die duursame, en maatskappy is die skynbare en tydelike samelewingsvorm. Gemeenskap is dan 'n lewende „organisme" terwyl maatskappy 'n meganiese samehoping en kunsmatige produk sou wees.

3. Enkele waarheidsmomente in die sisteem van Tönnies.

(a) Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Tönnies tereg onderskei tussen sosiale gebondenheid en minder gebonde samelewingsgroepe, of soos Lysen dit noem: „van irrationeel-traditionalistisch tegenover rationeel-atomisch-samenleven; - van collectivisme tegenover individualisme" [1].

(b) Dit is egter duidelik dat Tönnies met sy onderskeiding van Gemeinschaft en Gesellschaft, eersgenoemde verhoudingstipe as die uitstaande en dus as 'n verkiesliker samelewingsverhouding beskou. Hy onderskei hiermee nie slegs tussen twee samelewingsverhoudinge nie, maar tussen twee groot groepe wat 'n ontsaglike veelheid van vorme omvat en wat elk getipeer kan word as òf Gemeinschaft òf Gesellschaft as gevolg van 'n formule waarin die onderlinge verhouding van die elemente tot uitdrukking kom. Volgens Van Dijk is „Tönnies' kijk op de Gemeinschaft wel heel sterk romantisch geïdealiseerd" [2], as gelet word op die besondere eienskappe daarvan.

(c) Lysen verklaar onomwonde dat die begrippe wat Tönnies vir die sosiologie omskryf het „dieper in de

---

1) Lysen: Individu en Gemeenschap; p.71.

2) Van Dijk: Mens en Medemens: p.38.

te onderzoeken sociale werkelijkheid zal kunnen doordringen ... zovaak men samenlevingsvormen ... wil aanduiden met karakteristieke benamingen, ontleend aan het - gelijk in vele gevallen ook hier zoo merkwaardig scherp onderscheidende-spraakgebruik" [1], m.a.w. die sleutelterme of begrippe is van die uiterste belang in die Sosiologie.

(d) Bierens de Haan sê omtrent Tönnies se toepassing van die ontvoude begrippe op die historiese ontwikkeling: „deze gedachten zijn uiteraard gebonden aan den tijd, in welken ze worden neergeschreven. De gedachten zelf zijn van blijvende betekenis. Zij brachten een nieuw gezichtspunt in de sociologie, dat het begrip der samenleving verhelderde" [2].

4. Die kern van die probleem en die huidige kultuursituasie in die samelewingskrisis in die algemeen.

Inleiding:

In die lig van die waarheidsmomente van die sisteem van Tönnies met die sleutelterme Gemeinschaft en Gesellschaft waarvan die eienskappe kortliks aangedui is, word in hierdie afdeling daarby aangesluit, die ontleding van die kernbegrippe verder aangepak en die konnotasie daarvan met die huidige samelewingskrisis in verband gebring.

Ons begin met die volgende sitaat: „Het maatschappelijk leven heeft zich in de westerse samenleving, vooral in de steden, steeds meer ontwikkeld in de richting van Gesellschaft. Als reactie hierop heeft de gemeenschapsgedachte in onze dagen weer veld gewonnen.

---

1) Lysen: Individu en Gemeenschap; p. 74.

2) Bierens de Haan: Sociologie, ontwikkeling en methode; p. 83.

De veranderingen, welke ook een intieme levensgemeenschap (Gemeinschaft) als het gezin heefd ondergaan, hebben tegenkrachten opgeroepen welke er naar streven het begrip Gemeinschaft weer meer inhoud te geven. Met deze veranderingen en strevingen wordt het maatschappelijk werk voortdurend geconfronteerd" 1).

(a) Die kern van die probleem gemeenskap vs. maatskap ('n begripsanalise;)

(i) Van Gomeenskap sê o.a. MacIver en Page: „The simplest, the most universal of all forms of association is that in which a small number of persons meet 'face to face' for companionship, mutual aid, the discussion of some question that concerns them all, or the discovery and execution of some common policy. The face-to-face group is the nucleus of all organization, and as we shall see, is found in some form within the most complex system - it is the unit cell of the social structure" 2). Hieruit groei die konstante groepe in die samelewing, bv. die skool, die bedryf, ens.

(ii) Hierdie beskrywing van 'n gemeenskapsvorm van die samelewing word ook elders deur MacIver en Page gedefinieër as „a group organized for the pursuit of an interest or group of interests in common" 3).

(iii) Die Maatskapsvorme: In teenstelling met bg. sê dieselfde skrywer: „A community is more than any specific organization that rise within it. Contrast, for example the business or the church

---

1) Van der Linde: Van Nummer tot Mens; p.115.

2) MacIver, R.M. and Page, C.H.: Society; MacMillan & Co. Ltd., London. 1957; p.218-219.

3. Ibid.: p.12.

or the club with the village or city or nation" [1].

(iv) Bierstedt omskryf maatskapsvorme as „groups of people who, conscious of common or similar interests, band or join together in some organized way in order to pursue those interests" [2].

(v) 'n Verdere definisie is: An organized group of people whose purpose it is to carry out one or more activities"[3], teenoor dié van 'n gemeenskap, nl.: „A group of people who have a certain sense of belonging together and who reside in the same geographic area in which most or all of the basic institutional activities are present"[4]

(b) Samevatting en eie opvatting van gemeenskap en maatskap.

(i) Dit is dus duidelik dat daar 'n primêre groep of samelewingsverband bestaan naas die sekondêre. Die idee van die primêre groep is deur Charles Horton Cooley van Amerika in die Sosiologie ingedra. Hiermee het hy bedoel die intieme, persoonlike „face-to-face" groepe by wie ons liefde, intieme vriendskap of kameraadskap vind. [5]

(ii) As voorbeeld van 'n maatskaplike verhouding noem Van Dijk dié tussen koper en verkoper, en as voorbeeld van 'n gemeenskap wat géén samelewingsvorm of groep is nie, noem hy die familie, in teenstelling met die gesin wat 'n tipiese verbandsverhouding vertoon [6].

---

1) MacIver and Page: Society; p. 218-219.
2) Bierstedt, R.: The Social order. An introduction to Sociology. McGraw Hill Book Co., Inc., New York, 1957; p. 254.
3) Roucek, J.S. & Warren, R.L.: Sociology. An Introduction. Littlefield, Adams & Co., Ames Iowa, 1957; p.277.
4) Ibid.: p. 279.
5) Vgl. Cooley, C.H.: Social Organization; Charles Schribner's Sons., New York, 1909.
6) Van Dijk: Mens en Medemens; p. 42.

Die lede van verenigings en organisasies wat kontraktueel met mekaar verbind is en wat kortstondige verbinding met mekaar het, is dan tipiese maatskapsverhoudinge teenoor die kerk, staat en bedryf wat getipeer word as gemeenskappe of verbande.

Van Dijk sê: „De Staat is een gemeenschap met verbandskarakter omdat binnen het staatsverband een gezags- en ondergeschiktheidsverhouding bestaat tussen overheid en onderdaan" 1).

(iii) „Onder gemeenschapsbetrekkingen verstaan wij al die sociale relaties waarin de mensen als leden van een geheel zijn gevoegd; onder maatschapsverhoudingen daarentegen die, waarin de mensen, resp. de gemeenschappen onderling, niet tot een geheel verbonden zijn, maar gecoördineerd naast of zelfs tegenover elkander in de samenleving optreden" 2).

(iv) Om mee af te sluit, kan die hedendaagse opvatting oor die onderskeie samelewingsverhoudinge soos volg opgesom word in die woorde van MacIver: „A community is a focus of social beings; an association is an organisation of social life, definitely established for the pursuit of one or more common interests. An association is partial, a community is integral" 3).

Hiermee is die verdere onderskeidinge tussen die begrippe gemeenskap en maatskap aangetoon. Maar ook in 'n ander verband moet gelet word op die onderskeiding tussen die genoemde kernbegrippe, naamlik:-

---

1) Van Dijk: Mens en Medemens; p. 42.
2) Dooyeweerd, H.: Verkenningen in de Wijsbegeerte, de Sociologie en de Rechtsgeschiedenis; Buijten en Schipperheijn, Amsterdam. 1962; p.110.
3) MacIver, R.M.: Community. A Sociological study. MacMillan & Co.Ltd., St. Martins Street, London, 1936; p.24.

(c) Gemeenskaps- en maatskapspatrone as kultuurpatrone.

(i) Waar die mens as individu of groep teenoor mekaar te staan kom in die velerlei sosiale verhoudinge met mekaar, vind ons reaksie. Hierdie reaksies het te make met 'n min of meer eenderse patroon van gedragswyses of gedragspatrone, wat ontstaan a.g.v. gemeenskaplike doel en bedrywighede. Die gedragswyse wat gedragsvorm onder die enkelinge van groepe word, neem met die tyd 'n algemeen-aanvaarbare patroon aan wat as gedragspatroon van menslike verhoudinge en handelwyse aangedui word: „Whenever living beings enter into, or maintain willed relations with one another, there society exists" 1).

(ii) Hierdie verhouding tussen mense (individue of groepe) verskil van intensiteit na gelang van die vorm wat die „saamlewe" aanneem, bv. of dit 'n gemeenskaps- of maatskapsvorm is. So ontstaan die gemeenskaps- en maatskapspatrone van gedragswyses, verhoudinge en bindinge.

(iii) 'n Belangrike onderdeel van die Sosiologie is die kultuur want: „culture is the socially transmitted system of idealized ways in knowledge, practice and belief along with the artifacts that knowledge and practice produce and maintain - as they change in time" 2).

Die tussenmenslike verhoudinge in die gesin, kerk, staat, skool, bedryf, organisasie, klub, ens., wat volgens die intieme of minder

---

1) MacIver: Community. A Sociological Study; p. 5.

2) Green, A.W.: Sociology. An Analysis of life in Modern Society. McGraw-Hill Book Co., Inc., London, 1952; p. 70.

intieme en duursame of kortstondige aard respektiewelik gekenmerk word as gemeenskaps- of maatskapspatrone, kan ook genoem word kultuurpatrone, aangesien in die verskillende samelewingsvorme die mens doelbewus of onbewus ook die draers en oordraers van aanvullende kultuurmassas is.

„Groups and individuals come and go, but beliefs, policies, modes of behaviour go on for a long time, sometimes with little change. The combination of ideas and structure, the institution is a fairly permanent medium by which concepts and practices are transmitted from generation to generation" 1).

Op hierdie wyse word die aanvullende kultuurmassas die lewende lewenskapitaal van elke mens in wisselwerking met sy medemens om groepe te vorm. Die mens en groep het kulturele lewensfunksies - hy beïnvloed, vorm en onderhou hierdie groepe o.a. deur gedragspatrone wat 'n belangrike onderdeel van kultuurpatrone is.

Aan die een kant is dit die behoudende mag van die kultuurmassas wat van geslag tot geslag oorgedra word, maar aan die ander kant word dit ook bedreig deur die krisis in die samelewing.

Om tot die krisiskarakter van die gemeenskapspatrone te kom, let ons vervolgens op die mate waarin die materiële kultuur die saaklikheid van die tussenmenslike verhoudinge bewerkstellig.

(d) Die krisiskarakter van die gemeenskaps- en maatskapspatrone.

(i) Die kultuurmens het as gevolg van sy weten-

---

1) Herman, A.P.: An approach to Social Problems; Ginn and Co., 1949; p. 67.

skaplike en tegniese hulpmiddels hoog uitgestyg bokant die „gang van die natuur". Die verspreiding van kultuur hou as gevolg van o.a. bevolkingsdigtheid, internasionale verkeer, die vervoer van mense en goedere, ens., bykans geen probleme meer in nie.

Die oorsprong van die geweldige snelheid van die kultuurontwikkeling is o.m. geleë in die groot mag wat die mens verkry het - sy beheersingsmag. Op verbluffende wyse het die mens op iedere lewensterrein baie middele tot sy beskikking om die werklikheid te beheers; eintlik te oorheers en om te vorm. Daarom vertoon die gedrag en verhoudinge van die moderne mens 'n koorsagtige haas. Die natuur bepaal nie meer die lewenswyse en gewoontes van die mens nie, maar wel die rykdomme van die kunsmatige skepping van materiële kultuur.

(ii) In teenstelling met die tradisiegebondenheid van die vorige eeu het die magsvorming van die moderne mensheid 'n ander houding teenoor die werklikheid meegebring. „De Toekomst stelt ons de norm. De Toekomst bepaalt, wat wij doen. Er is dus een houding ontstaan, die men vroeger nooit gekend heeft, ... zodat de spanning, het conflict in onze cultuur ernstiger is dan het voorheen was" 1).

(iii) In hierdie kultuursituasie kom die gedragswyses en tussenmenslike verhoudings van die Gemeinschaft en Gesellschaft teenoor mekaar te staan, in plaas van om in 'n ordelike wisselwerking en samewerking naas mekaar te bestaan.

---

1) Van Riessen: De Moderne Cultuur en de Christelijke School; p.20-21.

5. Die Stad en maatskapsverhoudinge vs. die Platteland en gemeenskapsverhoudinge in die samelewingskrisis.

(a) Eienskappe van die Stad.

(i) Die moderne stad vertoon 'n aantal tipiese kenmerke wat ons kan sien uit die sosiografiese materiaal tot ons beskikking. Sulke kenmerke is o.a. bevolkingsdigtheid, spesialisasie en arbeidsverdeling in 'n duisternis van beroepe, mobiliteit van bevolking, heterogene bevolking en 'n snelle groei.

(ii) Verder is daar die talryke relasies tussen mensewaarvan Bouman sê: „niet in de zin van een hecht familieleven, zoals men veelal in agrarische streken ziet, doch het veelvuldig en vluchtig contact tussen een groot aantal individuen en groepen" [1]. Uit hierdie oppervlakkige relasies kan die toenemende individualisme verklaar word of soos Van Dijk sê: „Kenmerkend voor de stedelijke samenleving is in de eerste plaats dan ook de hoge mate van gedifferentieerdheid alsmede van individualisering" [2].

(iii) Naas die groot verskeidenheid van gespesialiseerde samelewingsvorme, organisasies en verbande, is daar 'n ewe groot verskeidenheid maatskaplike verhoudinge in die stad waar „de mens zich zoveel gemakkelijker kan onttrekken aan de controle van de eigen kring, door naamloos in de massa op te gaan" [3].

---

1) Bouman, P.J.: Sociologie. Begrippen en problemen; Uitgeversmij N.V. Standaard-Boekhandel, Antwerpen-Amsterdam 1953; p. 96.

2) Van Dijk: Mens en Medemens; p. 168.

3) Ibid.; p. 169.

Dit sou egter fataal wees om die stadsmens as gemeenskaploos te teken, want alhoewel „de totale en vanzelfsprekende gemeenschap" [1]. ontbreek, is daar tog vele „specifieke, gespecialiseerde gemeenschaps- en verbandsverhoudingen ... " [2].

(iv) Die individu is losgeruk uit die gemeenskap, van alle familiebande, buurskap, beroep, natuur en gemeenskap, of soos Röpke dit uitdruk: „Die aus ihrer Gemeinschaft herausgesprengten Individuen sehen sich einer <u>chaotischen Beziehungslosigkeit</u> ausgesetzt und werden zu umherirrenden Nomaden, die nicht mehr recht wissen, wo sie hingehören und welches ihr Platz in der Gesellschaft ist, mehr und mehr losgelöst von den Banden der Familie, des berufs, der Nachtbarschaft, der Natur und der Gemeinschaft" [3].

(b) <u>Massavorming</u>.

Die kern van hierdie probleemstelling word deur Röpke gesien as onder andere die proses van massavorming wat 'n toestand van losheid, verskeurdheid, ontaarding en ontbinding nalaat: „Wir wollen damit sagen, dass die Gesellschaft, soweit dieser Vorgang fortgeschritten ist, ihre horizontal wie vertikal fein gegliederte Struktur verloren hat und von einem Prozess der Zerreibung, Zersetzung und Auflösung ergriffen ist, der die in einen Sandhaufen von Individuen verwandelt. Diese Sandkorner der Individuen werden nun zufällig und mechanisch zu Haufen zusammengewirbelt, eben den ‚Massen' der Gross-städte, des ‚Publikums', der Industriezentren,

---

1) Van Dijk: <u>Mens en Medemens</u>; p. 168.

2) Idem.

3) Röpke; <u>Civitas Humana</u>; p. 245-246.

der Millionenverbände, der Massenparteien und der Massenplebiszite, ohne wahre innere Bindung, ohne tiefere Verwurzelung des einzelnen mit seinem sozialen Standort und seinem Milieu, ohne echte Gemeinschaft und ohne Führung durch echte, innerlich berufene und über der Masse stehende Autoritäten" [1].

(c) <u>Die verstedelikingsproses en die platteland.</u>

'n Tendens wat veral meewerk tot die proses van gelykmaking of uitwissing van die eertyds so kenmerkende verskille tussen stad en platteland, is die geweldige invloed van die moderne vervoermiddele en kommunikasiemiddele soos die telefoon, radio, telegraaf, ens.

In hierdie veranderingsproses is dit opmerklik hoe die proses van verstedeliking veroorsaak dat ook nie alleen geografiese grense en bakens tussen stad en platteland maklik uitgewis word nie, maar ook en veral die samelewingsverhoudinge van die fundamentele samelewingsverbande.

Die gelykmakingsproses kom veral na vore in die dikwels ongevoelige en kortstondige intieme gemeenskapsverkeer tussen ouers en kinders, kerklidmate en ook op staatkundige gebied. Die gemeenskapsbindinge verdwyn en dit neem die vorm van maatskaplike verhoudinge aan.

6. <u>'n Kennis van die aard van die normatiewe orde om die feitlike orde in die samelewing te kan vasstel</u>.

(i) Op grond van die Skrifwoord word aanvaar dat die mens na sy aard onselfgenoegsaam is teenoor God wat die soewereine wetgewer is. Die mens is wetsgebonde; wetsonderdaan. Verder word aanvaar ~~dat~~ die ordelikheid

---

1) Röpke: <u>Civitas Humana</u>; p. 243.

waarmee God die mens en die heelal geskape het. Hierdie orde word nie alleen in die ryk van die natuur (o.a. in die seisoene) aangetref nie, maar ook op alle samelewingsterreine.

So is daar die orde op die gebied van die openbare lewe, politieke orde, staatkundige orde, ekonomiese orde, orde op die liefdesterrein, ens.

(ii) Die normatiewe orde van die samelewing in die algemeen eis dat die mens en die groepe behoort te strewe om die Godgegewe wette, beginsels en norme in die samelewingsorde waar te maak op alle terreine van die lewe en in alle aspekte van die konkrete werklikheid.

Sover dit die normatiewe aard van die samelewingsorde in die algemeen betref, is daar volgens die verskillende struktuurnorme vir alle groepe 'n gelykgerigte taak en roeping. Met ander woorde, die hoogste waardes wat die struktuurnorme inhou, veronderstel die antisiperende aard van die primêre funksies van die verskillende groepe deur middel van twee radikale funksies vir elke afsonderlike groep.

Dit gaan om <u>hoe</u> hierdie radikale funksies ten uitvoer gebring behoort te word in die groepe <u>wat</u> tegelykertyd ook die <u>waarde</u> daarvan in terme van tussenmenslike verhoudinge, handelinge, gedragswyses en gebeurtenisse inhou. Onafskeidelik hiermee hang saam die feitlike situasie; hoe <u>is</u> en kom hierdie funksies in die onderlinge wisselwerking met mekaar tot uiting in alle aspekte van die konkrete werklikheid van die strukturele orde van die verskillende groepe en die gelykgerigtheid?

Dis juis die radikale funksies van die groep wat die waarde daarvan in die konkrete werklikheid bepaal - dat ons kennis opdoen van die aard van die normatiewe orde om die feitlike orde of die afwyking van die normatiewe orde te kan vasstel.

(ii) Van Dijk sê: „De mens oriënteert zijn activiteit,

zijn denken en doen aan besef van zo behoren, van verplichting, kortom van <u>waarden</u> en <u>normen</u>. Samenleving veronderstelt orde, samenlevingsorde ..." [1].

Die dubbele realiteit wat deur die samelewingsorde vertoon word, is daarin geleë dat daar 'n verskil is tussen wat is en wat behoort te wees. Met ander woorde dus, 'n <u>feitlike orde</u> en 'n <u>normatiewe orde</u>. Die normatiewe orde maak die feitlike orde moontlik en die een kan sonder die ander nie bestaan nie; beide het wederkerig op mekaar betrekking en beïnvloed mekaar; beide moet geken word om die konkrete werklikheid van die samelewing te ken

Waar in hierdie verhandeling uitsluitlik gepoog word om die samelewingskrisis as krisis in waardes te bestudeer, asook die vraagstuk van gemeenskap met betrekking tot die tussen-menslike verhoudinge in die gemeenskap, is dit van besondere belang om steeds te onderskei tussen wat is en wat behoort te wees, aangesien die krisiskarakter aangedui word deur die afstand en spanning tussen twee realiteite asook die afwyking van die normale of die goeie orde.

(iii) 'n Kennis van die aard van die normatiewe orde bring mee dat die sosioloog 'n sekere lewens- en wêreldbeskouing huldig na aanleiding waarvan hy nie alleen die maatstawwe nie, maar ook die resultate in sy ondersoek aangaande die samelewingskrisis sal bepaal. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing wat hier gehuldig word, sien God as die wet- en normgewer, deur en tot Wie alle dinge is. Ook die feitlike orde word gesien as deel van Sy raadsplan om die mens te bring

---

1) Vgl. Kingsley, Davis: <u>Human Society</u>; New York, 1949; p. 111.

tot die groot krisisoomblik in die ontwikkelingsgeskiedenis van die samelewing, wanneer Hy alles sal wees in almal. Maar ook in hierdie krisis het die mens en sy groepe 'n verskeidenheid take en roepings wat die aandag in die volgende hoofstuk sal geniet. Vooraf dan 'n samevatting en eie opvatting van hierdie hoofstuk.

7. Samevatting en eie opvatting.

(a) Die term gemeenskap veronderstel samelewingsverhoudinge wat grootliks gebaseer is op die funksies van bindinge, wat as waardes bestempel kan word. In die samelewingsverbande word die krisis in die gemeenskap aangedui as 'n krisis in waardes, en hiermee gaan gepaard die rol van sosiale verandering.

(b) Die samelewing en kultuur waarin hierdie invloede duidelik sigbaar is, vertoon 'n struktuur wat afwyk van die normatiewe karakter van die geskape werklikheid.

(c) Hierdie struktuur wat die ordelikheid veronderstel, vertoon nie alleen die feitlikheid van die orde nie, maar ook die normatiewe aard daarvan. Naas die goddelike ordonansies en natuurwette waaraan die mens moet gehoorsaam in die volvoering van sy roeping, is daar die gepositiveerde norme wat op grond van die Skrifwoord en Bybelse prinsipes die standaard stel wat geldend is vir die gemeenskap in gesin, kerk, staat en skool - vir elke individuele mens.

(d) In die Christelike wetenskapsbeoefening is 'n ooreenstemmende lewens- en wêreldbeskouing onontbeerlik, aangesien nie alleen die analisering en verifiëring van die gegewens daardeur bepaal word nie, maar ook die resultate beskou word in die lig van Hom, uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is.

(e) Die aard van die krisisverskynsels op die lewensterreine van die gesin, kerk, staat en skool maak nie alleen 'n sosiologiese ontleding van die verskynsels noodsaaklik nie, maar ook 'n studie wat die oorsake ontleed, ter aanduiding van die normatiewe orde en die afwykings daarvan.

(f) Die vraagstuk van gemeenskap lê hoofsaaklik opgesluit in die gesonde, Christelike waardebepaling ten opsigte van die geloof, politieke, sosiale, etiese, estetiese, kulturele en analitiese terreine, ens. Waar daar nie 'n ewewigtige beskouing hieromtrent in die denke en handelinge van die mens is nie, met ander woorde, waar daar nie rekening gehou word met die wette en norme wat in al hierdie funksies van die mens se sosiale of gemeenskapsverkeer geld nie, daar vind ons in 'n mindere of meerdere mate krisisverskynsels wat desintegrerend inwerk op die individu, die samelewingsverbande en die samelewing en kultuur as geheel.

Teen hierdie agtergrond van die samelewingskrisis en die kultuurkrisis in die algemeen word nou op die besonderhede van die krisis in die gemeenskapsbindinge van die fundamentele samelewingsvorme ingegaan.

# HOOFSTUK IV.

## Enkele aspekte van die aard en invloed van die krisis in die gemeenskap van die huwelik en die gesin.

1. Inleiding:

Na die behandeling van die begrippe Gemeinschaft en Gesellschaft van Tönnies, samelewingskrisis en die vraagstuk van gemeenskap in hierdie krisis in die algemeen, let ons nou op hierdie sosiologiese verskynsels van gemeenskap en krisis t.o.v. die fundamentele, waarin groepe mense eintlik saamleef.

Ons begin met die liefdesverhoudinge in die huwelik en daarna die gesin.

Ons moet vooraf vasstel wat die huwelik is en ons gaan as volg te werk.

2. Die huwelik as intieme seksuele liefdesgemeenskap:

A. Die huweliksbindinge:

Om hiertoe te kom, maak ons gebruik van enkele definisies en omskrywinge van die huwelik.

(i) Omskrywinge van die huwelik:

1. Van Dijk tipeer die huwelik op grond van sy struktuurprinsipe as:- „... de intieme sexuele liefdesgemeenschap tussen een man en een vrou naar de duur van het leven"[1].

2. „Die huwelik is die grondvorm van die menslike gemeenskap en is nie die vrug van 'n blinde werking van die natuurdrif nie, maar 'n eie instelling van God die Here en moet dan ook as sodanig geëerbiedig

---

1) Van Dijk: Mens en Medemens; p. 71.

word" [1].

3. Prof. Cronje [2] onderskei tussen die huwelik as sosiale verskynsel en as sosiale instelling. „Wanneer die huwelik 'n sosiale instelling genoem word, dan word aan die formele sy daarvan gedink, d.w.s. aan die vorm waarin dit voorkom". Met die huwelik as sosiale verskynsel word bedoel die wesenlike, egtelike verhouding in sy gemeenskapsverband, d.w.s. die liggaamlike en geestelike eenwording van die man en vrou.

4. Spier praat van die huwelik, wat sy normatiewe struktuur betref, as „een tijpische liefdeseenheid tussen de twee gehuwden naar hun volle tijdelijke existentie" [3].

(ii) Analise van definisies en omskrywinge:-

Uit al bogenoemde en ook ander definisies en omskrywinge is die volgende punte van gemeenskaplike belang:-

1. Die huwelik het 'n monogame karakter.
2. Die huwelik moet wees 'n intieme twee-eenheids-liefdesgemeenskap, en met die term "seksuele" word bedoel dat die liefdesgemeenskap onlosmaaklik verbonde is met die seksuele en sy grondslag daarin vind.
3. Hierdie huweliksvorm word deur bogenoemde skrywers en o.a. Linton [4] en Lowie [5] tot die enigste en algemeen-aanvaarde van alle sosiale strukture gereken.

---

1) Erasmus, D.F.: Die Christelike huisgesin. Die ossewa-reeks Nr. 3, Môrester-drukkery, 2de Druk, 1952; p. 10.

2. Cronje, G.: Egskeiding en Huweliks- en gesinsontbinding. 'n Sosiologiese studie. N.V. Swets en Zeitlinger, Boekhandel en uitgeversmij, Amsterdam, 1934; p. 300.

3) Spier, J.M.: Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. 4de Druk, J.H. Kok, N.V. Kampen, 1950: p. 194.

4) Vgl. Linton, R: Study of Man. New York, 1936; p. 187.

5) Lowie: Primitive Society. New York, 1950.

4. In die definisies onder nommer 4 wil Spier dat die eenheid in die huwelik hom moet uitdruk in al die saamhangende aspekte en dat die huweliksgemeenskap, as natuurlike samelewingsvorm na sy interne aard, meer is as 'n biologiese gemeenskap; dit is ook gevoelsgemeenskap, historiese, linguistiese, sosiale, ekonomiese, juridiese, liefdes- en geloofsgemeenskap.

5. Die intieme aard word gekwalifiseer deur die liefde en die seksuele funksies wat die samehangende aspekte met hulle funksies vorm en bepaal.

(iii) Twee radikale funksies bepaal die gemeenskapsaard van die huweliksgroep:

Die onlosmakende samehang tussen die bestemmings- en funderingsfunksie wat te vinde is in die etiese en biotiese aspekte, respektiewelik, kwalifiseer die huwelik as 'n liefdesgemeenskap.

1. Die intieme aard van die liefde tussen een man en een vrou op die grondslag van die seksuele. Die twee radikale funksies is die liefde en die seksuele.

2. Die twee funksies hang ten nouste met mekaar saam en kan nie van mekaar geskei word nie: Die uitwerking van die seksuele funksie laat die liefdesverhoudinge tussen man en vrou 'n verdieping en verinniging tot duursaamheid ondergaan. Die gemeenskapsaard van hierdie liefdesverhoudinge ken geen sosiale afstand nie, ook t.o.v. alle funksies as twee-eenheidsgevoel-, denk-, taal- e.a. gemeenskap.

3. Hierdie intieme gemeenskapsaard en -verhoudinge kry ons met die huwelik en nêrens anders nie; die huweliksliefde is vir een man en een vrou - net vir mekaar en so ook die seksuele of geslagtelike omgangsfunksie en die uitwerking daarvan op die

duursaamheid en kwaliteit van die huweliksgroep, volgens die huweliksnorm. Die aard, oorsprong, wese en roeping moet gesien word na analogie van die liefde wat Jesus Christus vir sy bruid (kerk) op aarde het.

B <u>Enkele aspekte van die aard van die krisis in die huwelik en die vraagstuk van gemeenskap daarin</u>:

(i) <u>'n Algemene tipering van die aard van die krisis in die huwelik</u>.

Om tot 'n algemene tipering van die aard van die krisis in die huwelik te kom, haal ons onder andere aan wat Mannheim en Sorokin sê:

(a) Die huwelikskrisis is grootliks 'n morele krisis, 'n „crisis in valuations" soos Mannheim dit uitdruk. Die oorsaak is vir hom nie geleë in die „wickedness in modern man" nie, maar in „the failure of great Society to re-establish on larger scale the methods of value adjustment, value assimilation, value reconciliation and value standardization, which were always active in small communities ....." 1).

(b) Die konklusie waartoe Sorokin kom in sy analise van die krisis in „ethics and law" is: „We are thus a society of endless contesting parties without a moral judge to decide the contests" 2). Die krisis in die huweliksgemeenskap lê daarin opgesluit dat: „Western contractual society is confronted by a moral crisis in all its leading institutions, organisations and associations" 3), en daarom konkludeer Sorokin dat die krisis van

---

1) Mannheim: <u>Diagnosis of our Time</u>; p. 109.

2) Sorokin, P.A.: <u>The crisis of our Age, The Social and Cultural Outlook.</u> Dutton & Co., New York, 1946; p. 162.

3) Ibid, p. 193.

ons eeu is: „the bloodiest crisis of the bloodiest century" [1]. Hierdie morele krisis wat vir beide Mannheim en Sorokin geleë is in die krisis in waardes, vind sy ontplooiing in die feit dat die huwelik die eienskappe vertoon van 'n „gelisensieerde vorm van prostitusie". Die bewyse hiervan kan gevind word in die geweldige persentasie egskeidings en huweliksontbindinge.

(ii) Enkele oorsake van die krisis in die huwelik wat die twee-eenheidsgemeenskap aantas.

(a) Sosiale oorsake van die krisis in die huweliksgemeenskap.

1. Eerstens noem ons as oorsaak van die krisis in die huweliksgemeenskap die emansipasie van die vrou. „For more than a century, women of modern civilization and highly successful drive to gain emancipation from traditional restrictions and to gain equal opportunities with men" [2].

Waar die vrou in die huidige Westerse beskawing byna in alle opsigte haar man se gelyke is, is sy voor die industriële stadium in die huislike kring bewaak en beskerm sodat daar weinig geleentheid was om die bande van 'n ongelukkige huwelik te verbreek. Haar sosiale posisie en tegnologiese hulpmiddels maak dit vir haar moontlik om die werk van die huishouding in 'n korter tydjie te verrig sodat sy vryelik aan ander bedrywighede kan deelneem

---

1) Sorokin: The crisis of our age; p. 212.

2) Faris, R.E.L.: Social disorganization. Second edition, New York Ronald Press, 1955; p. 412.

en selfs kan kompeteer met die man. „Women no longer have to fit into the wife and mother role but face a bewildering number of alternatives. The most basic choice of all permits women to marry or to avoid marriage if they prefer" 1).

Op ekonomiese gebied het die vroue-emansipasie tot gevolg dat die huwelik dikwels uitgestel moet word of dat die vrou na die huwelik aanhou werk sodat beïnvloeding deurwerk tot geboortebeperking in die eerste huweliksjare.

2. Heel dikwels word die egverbintenis bloot om ekonomiese redes gesluit. 'n Gees van materialisme het vaardig geword: die materiële waardes het verkiesliker geword bo die geestelike waardes wat die gemeenskapsaard van die huwelik bepaal. Hierdie tendens gaan hand aan hand met die gees van sekularisasie en voortskrydende ontkerstening. So meen Brillenburg Wurth dat die eintlike oorsaak van die krisis in huwelik en gesin „dient veeleer gezocht te worden in de geest, die vooral sedert de negentiende eeuw onze Wes-Europese samenleving is begonnen aan te tasten, de geest van saeculari-satie, van voortgaande ontkerstening, die als onvermijdelijk gevolg na zich sleepte een ontwijding van geheel het mensenleven en een teloorgaan van talrijke van de hoogste levenswaarden" 2). Sorokin sê: „In his eagerness to serve Mammon, he (man) forgot to serve God, and he now pays the tragic price of his folly" 3).

---

1) Horton and Leslie, G.R.: The Sociology of Social Problems. Appelton, 1955; p. 148.

2) Brillenburg Wurth: Het Christelijk leven in Huwelijk en gezin; p. 37.

3) Sorokin: The crisis of our age; p. 239-240.

(b) Seksueel-sedelike en godsdienstige oorsake van die krisis in die huweliksgemeenskap.

1. Seksuele oorsake lê o.a. opgesluit in wanaangepastheid, geestelike wreedheid, onaanpasbaarheid en kilheid. Drie tendense wat dikwels aanwesig is by die doelstelling en moderne opvatting van die huweliksgemeenskap is:-

(i) Seksuele lus, drang, drifte en neigings wat alleen daarop gemik is om die mens as bioties-seksuele wese, en nie die kern van sy persoonlikheid nie, lief te hê. Dit is 'n behoefte wat nie uit die mens se „hart" gebore is nie, maar wat opkom uit die seksorgane, seksbehoeftes en drange.

(ii) Die erotiese aanbidding van die menslike liggaam en skoonheid daarvan, wat die uiterlike vorm en nie die persoonlikheid of verwesenliking van die heilige gemeenskapsaard van die huwelik op die oog het nie.

(iii) Die ongebalanseerde en oordrewe sentimentaliteit wat gerig is op die oppervlakkige gevoelsuiting bring dikwels mee dat promiskuïteit, onsedelikheid en seksuele vryheid voor die huwelik ingedra word en so die aard van die gemeenskap tot 'n krisis bring.

2. In die krisis van die huweliksgemeenskap vind ons „een manier van leven en een levensbeschouwing, die alleen uitgaat van de geschapen dingen en die God niet wezenlijk belangrijk acht voor het leven of denken van een mens" 1). In sy ignorering van die godsdienstige waarhede met betrekking tot die karakter van die „ware" huweliksgemeenskap is die mens besig om die ongeoor-

---

1) Schippers, R.: De Gereformeerde Zeden. J.H. Kok N.V. Kampen, 1954; p. 183.

loofde te sanksioneer as wel geoorloof. Bonhoeffer sê· „Die ursprüngliche reformatorische Botschaft, dasz es eine Heiligkeit des Menschen weder im Sakralen, noch im Profanen an sich, sondern allein durch das gnädige sündenvergebende Wort Gottes gibt, ist . . . in tiefe vergessenheit geraten" 1).

3. Samehangend met die voorafgaande dien die proses van sekularisasie as oorsaak van die verflouing van die liefde tussen gehudes en hulle Skepper. Banning praat van van die sekularisasie „van de levens praxis". Dit is vir hom „waarschijnlijk de invloedrijkste vorm" wat die huwelik maak tot 'n „zuiver aards, biologisch sociaal verschijnsel" 2). „Dit betekent dat de mens in de wortel van zijn bestaan losgesneden wordt van God. Deze secularisatie is afval in de wortel van het bestaan"3).

(c) Die huwelik as draer van 'n komponente kultuurmassa:

Beide partye in die huwelik is groepsweses wat die lede van 'n maatskappy is en deel het aan liggaamlike samesyn, maar bo en behalwe hierdie eienskappe leef hulle in 'n „geestelike saamgebondenheid wat as bindende band besit die religie, die gemeenskaplike geestesgoedere, sy kultuurgoed, wat sy eie spesifieke besitting is. Ontvang die jong geslag daardie gemeenskaplike besitting nie, dan sal hulle nooit één voel met die gemeenskap van hulle herkoms nie en so daardie gemeenskap uiteindelik vernietig" 4).

Nie alleen die materiële kultuurgoedere nie, maar

---

1) Bonhoeffer, D.: Ethik. Zusammengestellt und herausgegeben van E. Bethge, Kaiser V, München, 1949; p. 36.

2) Banning: Moderne Maatschappijproblemen ; p. 70.

3) Kooistra: De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie; p. 72.

4) Keyter, J.de W.: Moderne gesinsveranderings en die gevolge daarvan vir die volksontwikkeling, in koers in die Krisis; deel III, Pro Ecclesia-Drukkery, 1941; p. 136.

ook die geestesskatte moet deur onderlinge gemeenskap in die huwelik op besondere wyse gedra en oorgedra word deur die afsonderlike lede. So kan wat Banning sê, ook geld vir die huwelik, as hy in elke maatskappy die grondfunksie sien van „de overdracht van kennis, tradities aan de jonge generatie" 1).

By die negering van hierdie oordragsfunksie vind ons in die huwelik kulturele armoede, „... omdat menslijke samenleving en cultuur onafscheidelijk met elkaar verbonden zijn" 2), daarom het ons „een crisis in de totaliteit van de structuren van onze samenleving, alsmede in de totaliteitsstructuur daarvan" 3). In die huweliksgemeenskap openbaar hierdie kultuurkrisis hom op besondere wyse, nl. o.a. in die gebrek aan sosio-kulturele belangstelling wat gemeenskaplik deur die huwelikspaar beoefen en gepraktiseer word.

Volgens Sorokin is ons krisis dan ook 'n krisis van die „sensate culture" 4). Waar ons nou enkele oorsake van die krisis in die huweliksgemeenskap aangetoon het, let ons vervolgens op:

(iii) <u>Die uitwerking en gevolge van die krisis op die huweliksgemeenskap</u>.

(a) <u>Die krisis in waardes</u>: Die krisis in waardes met betrekking tot etiese binding, huwelikstrou en seksuele gemeenskap in die huwelik as intieme seksuele liefdesgemeenskap toon verreikende gevolge. „Over heel de linie van het mensenleven zijn wij in onze dagen getuigen van een ontstellende anarchie. Maar ten aanzien

---

1) Banning: <u>Moderne Maatschappij problemen</u>; p. 9.

2) Kooistra: <u>De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie</u>; p. 66.

3) Idem.

4) Sorokin: <u>The crisis of our age</u>; p. 24-26.

van het huwelijk en de huwelijksliefde heeft die wel bijzondere afmetingen aangenomen" 1).

(b) In sy konklusies oor die verandering van die huweliksverhoudinge dui Kooy aan in hoe 'n mate die mens die sin vir huwelikswaardes verloor het. Hy sê dat daar „door een groot deel der samenlevingsleden een steeds milder, meer vergoelijkend standpunt tegenover de echtscheiding werd ingenomen ...." 2). Verder konkludeer hy: „Overzien wij opnieuw de veranderingen, die zich in huwelijksmoraal en -praktijk afspeelden, dan moet de conclusie zijn, dat zich in dit veld beduidende veranderingen voordeden. Zo word het huwelijk steeds meer beoordeeld als een verbintenis, waarop het individu recht kon doen gelden, ook al mocht zijn huwelijksluiting exstra druk leggen op de familie in haar streven, zich sociaal en economisch te handhaven op het niveau, dat haar als het hare voorkwam" 3). Die gevolge van die krisis strek egter veel verder as die aantasting van waardes in die huweliksgemeenskap waardeur gesonde oordeel verlore gaan; dit raak ook die kern of wese van die huweliksverhouding, nl. die gemeenskaplike verkeer tussen een man en een vrou: die liefdesuitinge in die praktyk.

(IV) Die vraagstuk van gemeenskap in die huwelik: positief en negatief bespreek.

Die huwelik is 'n liefdesgemeenskap tussen een man en een vrou, maar „When the sacredness of family life is undermined, civilization itself is endangered.

---

1) Brullenburg Wurth: Het Christelijk leven in Huwelijk en Gezin; p. 218.

2) Kooy, A.G.: Het veranderde gezin in Nederland. Van Gorcum en Comp. N.V. (G.A. Mak en Dr. H.J. Prakke) Assen, 1957; p. 164.

3) Idem.

No nation is any stronger than the homes of which it is composed. As the family goes, so goes the nation" [1].

Dit is hierdie „as the family goes" wat die des-organisasie en gemeenskapsvraagstuk in die huweliks-krisis uitmaak. Die verbreking van die intieme liefdesgemeenskap reik verder as net die skeiding self, want „Disorganization does not end with divorce. This crisis is the final tragic outcome of a long process of family disorganization. But divorce is final to the participants only in the sense that it represents a definite break in the co-operative endeavour of their marriage. Life for both of them must go on." [2] Die vraagstuk van gemeenskap openbaar hom in die huwel[illegible] o.a. in die huweliksrusie en -twis, aanranding op mekaar, ontrouheid, ens., wat opwerk tot openlike uitbarstings en huisverlating sodat die egskeiding as finale ontbinding van die gemeenskapsband volg.

Die gevolg wat hierdie gemeenskapskrisis op die lede van die gesin het, is waar te neem in die oorvol „weeshuise" wat grotendeels aan die kinders van geskeide ouers moet huisvesting bied. Die partye self het te kampe met sosiale aanpassing, ekonomiese probleme, onderhoudsake, bewaarplasing van kinders, ens.

Dat hierdie en ander gevolge van die krises in die huweliksgemeenskap dui op 'n vermaatskapliking van die gemeenskapsverhoudinge, word deur o.a., Tönnies se uiteensetting van „Gemeinschaft und Gesellschaft" bewys. Vir 'n oomblik staan ons daarby stil.

---

1) Mihanovisch, C.S., Schnepp, B.G., & Thomas, J.L.: Marriage and the Family; p. 322.

2) Elliot, M.A. en Merril, F.E.: Social disorganizatio[n] Third Edition, Harper New York, 1950; p. 755.

(V) Tönnies se opvatting in breë trekke toegepas op die gemeenskapsverhoudinge in die huwelik:

Tönnies maak 'n duidelike onderskeid tussen die intieme, duursame samelewingsverhoudinge en die wat meer willekeurig bestaan. Die positiewe betrekkinge waarin die mens as groepe of indiwidue tot mekaar staan, is vir hom 'n verbinding wat na binne en na buite werksaam is; en hierdie verbinding kan óf „Gemeinschaft" óf „Gesellschaft" [1] wees. Hy sê: „I call all kinds of association in which natural will predominates Gemeinschaft, all those which are formed and fundamentally conditioned by will, Gesellschaft" [2].

In die huwelik sou dit hierdie Verbindung wees wat as gevolg van 'n gelykmakingsproses besig is om tiperend te word vir 'n maatskaplike verhouding tussen die getroudes: die liefde, getrouheid, ens., word nie meer geken deur die eie aard van die Gemeinschaft nie, dit dui eerder op 'n willekeurige verhouding wat bepaal word deur die Kürwillen wat 'n verneinende verhouding is: 'n verhouding wat die wil van andere wil vernietig.

C. Enkele riglyne vir die toekoms:

Dat die krisis in die huweliksgemeenskap en die vraagstuk van gemeenskap in dié liefdesbinding hoofsaaklik opgesluit lê in die verlies en verflouing van waardes is onder andere gesien in die oorsaaklike faktore wat bespreek is, nl. die proses van sosiale verandering, die emansipasie van die vrou, die gees van materialisme en sekularisasie, asook die doel en moderne huweliks- en seksopvatting.

---

1) Tönnies: Gemeinschaft und Gesellschaft; p. 150.
2) Ibid, Community and Association; p. 17.

Deur hierdie sosiale magte waar te neem, te erken en in hul omvang te bestudeer, sou die krisis-karakter daarvan weinig verander, daarom kan die volgende riglyne vir die toekoms gestel word:

(i) Om die gemeenskapskarakter van die huwelik en die waardes wat eie is aan dié verbintenis behoue te laat bly, moet die groepe wat die opvoedingsfunksies waarneem en die mag het om mondstuk te wees, die weg aanwys want: „If in our mass society neither the school nor the church and religion provide codes, patterns of action and paradigmatic experiences, it is cinema and other commercialized institutions which take over the rôle of teaching people what to strive for, whom to obey, how to be free, how to love" 1).

(ii) Deur die etiese waardes hul regmatige plek te gun in die verhouding: man en vrou, behoort die beeld van die eenheid van Christus en die Kerk as sy bruid tot sy reg te laat kom. Die horisontale liefdesband moet gefundeer wees in die vertikale band met God wat die huwelik ingestel het.

(iii) Hoewel die volmaaktheid van die huweliks-gemeenskap en - liefde onmoontlik is as gevolg van die sonde, bestaan die liefde in die huwelik nie vanself nie; dit moet gedurig nagestreef word, nie alleen as gawe van God nie maar ook as gehoorsaamheid aan die liefdesgebod.

(iv) Deur die gedurige beoefening van deugde volgens Bybelse beginsels, soos verdraagsaamheid, getrouheid, geduld, behulpsaamheid, vertroulikheid, vergewensge-sindheid, ens., wat kenmerkende waardes is in die intieme gemeenskapsverkeer in die huwelik kan die doel van die huwelik waarlik nagestrewe word, nl. liefde en

---

1) Mannheim: Diagnosis of our Time; p. 148-149.

geluk, maar bowe-al tot eer van God.

3. Die gesin as intieme liefdesgemeenskap op die grondslag van die bloedsband:

(a) Die gesinsbindinge:

(i) Definisies en omskrywinge van die gesin:

Die gesin as samelewingsvorm word deur verskeie skrywers soos volg gedefinieer en omskrywe:

1. „The family is a primary social group constituted by parents and children ... considered as a social structure, it is a set of interactive social relations connecting a number of statuses or roles into one social unit" 1).

2. „The family is the universal pattern of social relations. Details of the arrangements vary, but there is no society known to ethnography, or history which does not have a family system as an important part of the whole social organization ..." 2).

3. Lindberg e.a. meen: „The family is from some points of view the primary human institution" 3).

4. „... een constante individuele liefdesgemeenschap op de grondslag van de natuurlijke bloedbanden tussen ouders en kinderen" 4).

5. „Het gezin is het intieme levensverband tussen ouders en kinderen gefundeerd in de natuurlijke afstamming en bloedverwantskap naar de norm der onderlinge liefde" 5).

---

1) Mihanovich, Schnepp & Thomas,: Marriage and the Family; p. 255.

2) Faris; Social Disorganization; p. 383.

3) Lindberg, G.A., Schrag, C.C. en Larzen, O.H. Sociology. Harper and Brothers, New York, 1954; p. 506.

4) Spier: Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee; p. 187.

5) Van Dijk: Mens en medemens; p. 80. Vgl. o.a. Fairchild H.P.: General Sociology: John Willey & Sons., Inc., N.Y. Chapman and Hall Ltd., London, 1934; p.17. Popma, K.J...: Inleiding in de Wijsbegeerte. J.H. Kok N.V. Kampen, 1956; p.47. Ross, Eva J.: Sociology and social problems: The Bruce Publishing Co., Milwankee, 1953; p.95.

6. „It does not matter whether marital relations are permanent or temporary; whether there is polygyny or polyandry or sexual license; whether conditions are complicated by the addition of members not included in our family circle (die gesin) the one fact stands out beyond all others that everywhere the husband, wife and immature children constitute a unit apart from the remainder of the community" 1).

7. „Thus we see the family (described for the moment as a group of kinsmen living together, its members mating, bearing, and rearing offspring, growing up, and protecting one another) is rooted in the past, built on our animal heritage as well as on our human experience" 2).

8. „The family is a group defined by a sex relationship, sufficiently precise and enduring for the procreation and upbringing of children" 3).

9. „To this small primary group the state entrusts the initial care of training of its future citizens in the most formative period of their lives. This makes home and family the centre of our total culture pattern" 4).

(ii) <u>Analise van die definisies en omskrywinge van gesin:</u>

(a) Die eerste vier definisies is toegespits

---

1) Lowie: <u>Primitive Society;</u> p. 66-67.
2) Queen, S.A. en Adams, J.B.: <u>The Family in various cultures</u>; Chicago, 1951; p. 10-11.
3) MacIver, R.M.: <u>Society: a textbook of Sociology</u>; Copyright 1937; p. 196.
4) Barber, R.: <u>Marriage and the Family</u>; New York, 1953; p. 1.

op die belangrikheid van die gesin as samelewingsvorm. Dooyeweerd sê tereg dat die gesin die „grondleggende levenskring" [1] is.

„Niet alleen begint met het gezin historisch het leven van onze samenleving op aarde. Het was er m.a.w. voordat nog van andere samenlevingsverbande sprake was. Maar uit de gezinnen komt ook nog altijd heel het brede volks- en mensheidsleven naar zijn verschillende gemeenschapsaspecten op" [2].

(b) Die terme „constante individuele liefdesgemeenschap" genoem in 4 en „intieme levensverband" asook „bloedverwantschap", dui daarop dat ons hier te doen het met 'n lewensverband wat 'n eie struktuur het, en dat die bloedsband die fondament van die twee-eenheid is terwyl die liefde die bestemming uitmaak.

(c) Definisies nrs. (6), (7), (8) beklemtoon verder die algemeenheid waarmee aanvaar word dat die gesin 'n sentrale plek in die verskillende samelewingsvorme inneem. Queen en Adams asook verskillende Amerikaanse skrywers definieer die gesin gelyktydig met hulle ondersoeke in verband met ape en ander diersoorte, terwyl McIver 'n neutraler standpunt inneem.

(d) Die gesin het dus 'n geheel eie funksie in die menslike samelewing. Hy is onderworpe aan 'n eie lewenswet, en besit as sodanige selfstandige regte, wat hy aan geen enkele ander gemeenskap ontleen nie. [3]

---

1) Dooyeweerd, H.: De wijsbegeerte der Wetsidee. Boek 3: De Individualiteitsstructuren der Tijdelike Werklijkheid. H.J. Paris. Amsterdam MCMXXXVI; p. 209.

2) Brillenburg Wurth; Het Christelijk leven in Huwelijk en gezin, P. 296.

3) Vgl. Kuyper, A.: De Gemeente Gratie deel III, derde druk, Kampen, 1932; p. 296.

(iii) Die radikale funksies bepaal die gemeenskapsaard van die huisgesin:

(a) Die Funksie van die bloedverwantskap in die gesin:

Uit die verskeie definisies het dit geblyk dat die gesin op die bloedgemeenskap of bloedsband tussen ouers en kinders berus wat die biotiese as die funderingsfunksie aandui. Die intieme gemeenskapsaard berus op die eiesoortige betrekkinge wat daar tussen ouers en kinders bestaan.

Hierdie stelling veronderstel geensins dat die gesin na sy normatiewe struktuur uit die bloedgemeenskap verklaar kan word of dat die gesinsverhoudinge alleen uit biologiese relasies herlei kan word nie. „Critische analyse brengt aan het licht dat de gezin, ongeacht het bijzondere culturele milieu, altijd volgende functie vervult: een sexuele, een productieve, een koesterende, een opvoedkundige („socialisering" der jeugdigen) en een economische (productie-en consumptie)" [1].

(b) Die norm van liefde in die gesin:

Naas die funderingsfunksie sien ons dat God die innerlike bestemming van die gesin gestel het in die wedersydse liefde tussen ouers onder mekaar, tussen ouers en kinders, en tussen die kinders onder mekaar. Dit gee aan die gesin 'n onvergelyklike karakter, nl. dié van 'n liefdesgemeenskap. Die etiese is dus die bestemmingsfunksie van

---

1) Kooy, G.A.; Het veranderde gezin in Nederland; p. 30.

die gesin. [1]

Die liefde van die kinders jeens hul ouers vind sy oorsprong in die gesagstruktuur van die gesin. In die tweede tafel van die sedewet gaan dit wel om die naasteliefde wat die hoogste en die eintlike vervulling is van die wet „maar in het begrip eren hebben wij te doen met die bijzondere kwalificatie, die juist hier ten aanzien van de liefde vereist is. Liefde moet elke verhouding tussen mensen onderling dragen. Maar het zeer bijzondere van de bepaalde verhouding van kinderen tot ouders laat zich juist uitdrukken in de term eren." [2]

So verklaar Van Dijk ook dat die gesin „in sterke mate het intieme gemeenskaps-karakter (vertoont), verdiept en waarborgd door de onderlinge liefde, niet als natuurgegeven maar wederom als taak, als norm" [3].

(iv) Uit die voorafgaande bespreking van die bloedsband en liefde, word gesien dat hierdie twee radikale funksies die gemeenskapsaard van die gesinsgroep bepaal. Die gemeenskapsaard van die gesin is verder geleë in die tweërlei doelordening van die gesin, nl. interne en eksterne bestemming. Waar die interne bestemming uitsluitlik in die onderlinge gemeenskaplike liefde lê, vind ons die eksterne bestemming daarin dat die gesin bv. 'n plig het om op te voed tot landsburger, kerklidmate, bedryfslede, ens. So vind ons byvoorbeeld dat die interne regsverhouding van die gesin

---

1) Vgl. Spier: Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee; p. 187 en Van Dijk: Mens en Medemens; p. 81.

2) Brillenburg Wurth: Het Christelijk leven in huwelijk en gezin; p. 300

3) Van Dijk: Mens en medemens; p. 80.

aan geen instansie buite die gesin ontleen is nie, terwyl sy eksterne regsverhouding daarin geleë is dat die gesin intiem vervleg is met ander lewensverbande, soos die skool, Kerk, staat, ens. M.a.w. die gesinsorde is voorwaarde vir die samelewingsorde.

Die gemeenskapsaard van die gesinsgroep word uitsluitlik gekenmerk deur die onherleibare unieke eie aard wat die bloedsband as funderingsfunksie en die liefde as bestemmingsfunksie aan hierdie groep verleen.

(b) Enkele aspekte van die aard van die krisis in die huisgesin:

(i) Oorsake van die krisis in die liefdes- en bloedgemeenskap:

(a) Die proses van sosiale verandering.

„Within the last two generations ... the social and economic forces silently at work for more than a century undermining the unity of the family have effected transformations in the home dramatic in their rapidity and extent. From being the institution most immense to social change is revolutionary and far-reaching" 1).

Met hierdie aanhaling van Goodsell het ons by dié belangrikste oorsaak van die krisis in die liefdes en bloedgemeenskap gekom. Bavinck sien onder andere in die hele moderne lewe en die sosiale veranderingsproses wat die arbeid beïnvloed het, 'n mag wat die huisgesin en gesinslewe in duie laat stort. Hy sê: „Het gansche leven is eene macht, die het huisgezin afbrokkelt en inkort ... er blijft geen tijd en geen lust over, om zich aan de gezelligheid,

1) Goodsell, W.: Problems of the family. D. Appleton-century Company, New York, London, 1928; p. 121.

aan het kweeken van den familiezin, aan de opvoeding der kinderen te wijden ...." [1]. Sosiale veranderingsprosesse het verskeie oorsaaklike faktore wat die gesin op sigself in sy wese beïnvloed. Goodsell noem 'n hele reeks van hulle. Hy sê bv. dat „one of the determining factors in family instability at present is the urbanization of large numbers of the population ... the instability of the contemporary family has also been furthered by the widespread decline of faith in orthodox religion ... the dying-out of old faiths ... economic and industrial conditions; the breakdown of paternal authority; the growth of individualism; bad marriage laws; the spread of religious scepticism; the collapse of primary social control; the lack of education for marriage and parenthood" [2]. Die hoofoorsaak van die geweldige verandering wat daar nie alleen in die materiële wêreld nie, maar ook in die kultuur en gemeenskapslewe binne die samelewingsverband en gemeenskappe ingetree het, kan nog steeds gesien word as die mens se vaardigheid in die ontwikkeling van wetenskap en tegniek en die geweldige mag wat hy daardeur in die samelewing verwerf het. Hierdeur is die ou prosesse, sedelike waardes tradisies en gewoontes nie alleen radikaal verander wat die gesin betref nie, maar ook in baie gevalle totaal vervang in die veranderingsproses.

---

1) Bavinck, H.: Het Christelijk Huisgezin. Derde druk J.H. Kok, N.V. Kampen, 1930; p. 154.

2) Goodsell: Problems of the family; p. 124-125.

(b) Funksieverlies in die gesin:

'n Tweede oorsaak van die krisis in die gesinsgemeenskap is die sogenaamde funksieverlies wat die gesin ondergaan het in die proses van kultuurvorming en ontwikkeling. Banning sê: „er voltrekt zich een verandering van het patriarchaal bepaalde via het burgerlijke naar het moderne gezin (met variaties), waarbij een scheiding tussen wezenlijke en niet-wezenlijke functies het voornaamste probleem vormt" [1]. Vroeëre gesinne het hoofsaaklik gefunksioneer ten opsigte van voorsiening in eie behoeftes en opvoeding van die kinders binne die gesin tot lede van die samelewing en met name geloofsbeginsels en goeie gewoontes [2]. Een van die belangrikste funksies was die ekonomiese, maar helaas „The economic ties binding families together as partners in a business enterprise have progressively weakened" [3]. En die gevolg? „If it is good business to break an economic relationship, why should it not seem desirable to break up a family when personal satisfactions are not completely fulfilled?" [4] Die gesin het dus in ekonomiese opsig steeds meer onproduktief geword [5].

Nou doem die vraag op of daar werklik 'n verlies van funksies ingetree het of was dit

---

1) Banning: Moderne Maatschappij Problemen; p. 197.

2) Vgl. Hobbs, A.H.: The claims of Sociology a critique of text books. The stackpole company, Harrisburg, Pennsylvania, 1951; p. 113.

3) Kirkpatric, C.: The Family as process and Institution. The Ronald press co., New York, 1955; p. 123.

4) Idem.

5) Vgl. Tönnies, F.: Die Moderne Familie. Handwörterbuch der Sociologie; Herausgegeben von Alfred Vierkandt, Stuttgart, 1931; p. 130.

'n geval waar die gesin in sy stryd om tred te hou met die tyd 'n wysiging in die funksies ondergaan het? Cronje stel dit so: „Die huisgesin het geen enkele funksie <u>verloor</u> nie. Daar het wel wysiging in die uitoefening van sy funksies plaasgevind omdat die maatskaplike veranderinge dit noodsaaklik gemaak het" [1]. Gesien in die lig dat die mens wesenlik subjektief deel het aan al die funksies of modale aspekte [2] (dit maak nie saak of daar 'n verabsolutering van die een ten koste van die ander is nie), dan gaan hierdie argument beslis op. Maar dat daar in sommige gevalle 'n gedeeltelike oordrag of wysiging van funksies plaasvind, kan gesien word o.a. in die rol wat die skool tans speel in verband met die opvoedingsfunksie van die gesin, die reedsgenoemde verplasing van die huisindustrie na die grootindustrie, die neiging wat daar bestaan om die tuisbring van geloofswaardes en godsdiensonderrig op die kerk af te skuif, ens. Die feit dat die hedendaagse moeder haar funksie in die gesin versaak om met die man die ekonomiese funksie buitenshuis te bedryf, het gemaak dat „in de woning eigenlijk alleen nog wordt gegeten en geslapen, wat gezeten en gepraat; dat echter de totaliteit van het wonen geheel verloren gaat en daarmede het gezinsleven - als alle leven zonder voldoende totaliteit -- ten prooi valt aan eenzijdigheid en daadloosheid en ten slotte aan sterilisatie en zinloosheid." [3]

---

1) Cronje, G.: <u>Die formulering van 'n gesinsbeleid.</u> Slotreferaat gelewer op die gesinskongres van 7 April 1961; p. 21.

2) Vgl. Spier: <u>Inleiding in die Wijsbegeerte der Wetsidee</u>; p. 51.

3) Bos, Ir. A.: <u>De Stadt der Toekomst de Toekomst der Stadt.</u> A. Voorhoeve Rotterdam - MCMXLVI - 1946; p.71.

Vandaar dat dr. Bos die gesin sien as 'n „borrelende ketel waarin zich tussen de voortbrengende generatie de overdracht voltrekt van deugden en gebreken, van verworvenheden en tekorten" eerder as 'n „schone, harmonieuse tuin" 1).

(c) Doel en moderne gesinsopvatting:-

'n Derde belangrike oorsaak van die krisis in die gesin is die moderne gesinsopvatting. Menige keer kom die kind as 'n ontydige en onwenslike verrassing die huweliksverhouding binne. Die moderne seksopvatting wat grotendeels gebaseer is op 'n gevoel van seksuele drang, 'n erotiese aanbidding en 'n oordrewe sentimentaliteit laat geen plek oor vir die gesinsgemeenskap wat later uit die huweliksgemeenskap voortvloei nie. Dat dit in die moderne tyd noodsaaklik is vir die gelukkige voortbestaan van die gesin as liefdes- en bloedgemeenskap om 'n duidelike en gesonde gesinsopvatting te huldig, blyk uit die volgende aanhaling van Hobhouse: „Of all ties between human beings the most deep-seated and universal are those of sex and parenthood, the durable, if not lifelong, association of man, wife and children begin common to all known societies" 2). Hoewel Hobhouse duidelik seksualisme verkondig, dui dit nogtans die belangrikheid van hierdie aspek aan.

Die moderne gesinsopvatting is nie alleen die produk van die gees van sekularisasie nie, maar ook die gevolge van 'n verlies en vertroebeling

---

1) Bos: De Stadt der Toekomst de Toekomst der Stadt; p. 61.

2) Hobhouse, L.T.: Social development. Its nature and conditions. Henry Holt and Co., New York, 1925; p. 40.

van lewenswaardes en gesinswaardes.

„Waar armoede en onmag van die ouers in die verlede die hoofoorsaak vir opname in inrigtings en hulp aan gesinne was, het die onwil of onmag van die ouers om gesonde huislike omstandighede te voorsien en handhaaf, en oor die geestelike belange van die kind te waak, vandag hoofoorsaak geword ........ onverskilligheid, belangeloosheid, onbeheerstheid en onsedelikheid van die ouers skyn in stygende mate die voorrang onder oorsake van kinder- en jeugverwaarlosing in te neem" [1]. Verder verklaar prof. Keyter:

„Die tradisionele Christelike en Westerse konsepsie het sy waarde en besieling tot 'n groot mate verloor en word al meer verdring deur 'n opportunistiese, materialistiese, of 'n a-religieuse, sog. Wetenskaplike opvatting van die lewe en van die huwelik en gesin. Hierdie beskouings is slegs voorstadiums tot die konsekwente en radikale wêreld-sosialistiese beskouings wat lynreg met die Christelike bots en al meer met die aggressiewe ywer deur sy volgelinge gepropageer word" [2].

(d) Die gesin as draer en oordraer van 'n bepaalde komponente kultuurmassa:

Vierdens let ons op die gesin as draer en oordraer van 'n bepaalde komponente kultuurmassa. In die maatskappy is die gesin die eerste en belangrikste draer van die kultuurgoedere van sowel die vorige geslagte as van

---

1) Keyter, J. de W.: Gesinsontwrigting - die aard en omvang. (Tweede referaat gelewer op die gesinskongres) 5 April 1961; p. 6.

2) Ibid, p. 12.

die teenwoordige. Die gesin is egter nie in die eerste plek draer nie, maar oordraer van die kultuurmassas, en dit op 'n besondere wyse: „Die Calvinis vind sy kulturele roeping daarin om in alle rigtinge die heerlikheid van sy Skepper, wie se beelddraer hy is, tot openbaring te bring" [1]. Nie alleen die materiële kultuurgoedere nie, maar ook die geestesskatte word deur onderlinge gemeenskap in die gesinsverband op besondere wyse gedra en oorgedra. Nie alleen die eiesoortige en kenmerkende kulturele waardes van elke individuele gesin afsonderlik nie, maar ook die gemeenskaplike kultuurgoedere wat 'n samelewing kenmerk, word bewaar, ontwikkel en oorgedra deur die gesin.

Nie alleen die kulturele standaard van 'n volk nie, maar ook „die bestaan en voortbestaan van 'n volk word bepaal deur en is afhanklik van die wyse waarop die jongere geslag deur die onderwys in die huis, skool en kerk opgevoed word" [2].

Maar waar hierdie funksie van dra en oordra van kultuurgoedere verswak of gewysig word, word dit een van die belangrikste oorsake van die krisis in die liefdes- en bloedgemeenskap, nl. die gesin.

(ii) <u>Uitwerking en gevolge vir die gemeenskap in die gesin</u>:

(a) <u>Krisis in waardes</u>:

Eerstens word die oorsake van sosiale verandering, funksieverlies en die moderne gesinsopvatting duidelik gesien in die waardeverlies wat die moderne gesinsgemeenskap ondergaan het en steeds

---

1) Van der Merwe, N.J.: <u>Calvinisme en Kultuur</u>. In Koers in die Krisis I; p. 279.

2) Postma, F.: <u>Christelik-nasionale Onderwys in Suid-Afrika</u>. In Koers in die Krisis I; p. 311.

ondergaan. Nie alleen die waarde van die gesinseenheid en bestemming kom in die gedrang nie, maar die onderlinge waardebepalings ten opsigte van funksionering binne en buite die gesin, nl. van die gesinslede self, word ook aangetas. „Samevattend wil ek beweer dat die kern van die huweliks- en gesinsontwrigting van ons tyd, die vertroebeling en verlies van 'n duidelike lewenskonsepsie en lewenswaardes, en gevolglik 'n duidelike huweliks- en gesinskonsepsie is" [1].

(b) Gesinsverhoudinge:

Die verlies in waardes is terselfdertyd 'n verlies in gesonde sosiale verhoudinge binne die gesin sodat die spore van desintegrasie eerlang gesien kan word. De Vries verklaar: „De Sociale verhoudingen, waarin het moderne gezin leeft en waarvan het afhankelijk is, hebben geen constante vormen meer. En dit heeft zijn weerslag op de status en de stabiliteit van het gezin" [2].

(c) Sosiaal-patologiese verskynsels:

In al sy vorme openbaar die krisis in die gesinsgemeenskap hom in die samelewing en met name in die sosiaal-patologiese verskynsels. Om in die besonder in te gaan op elk van hierdie verskynsels sou 'n studie op sigself wees, daarom beperk ons ons tot die noem van sommige van die verskynsels. In die gesinslewe self vind ons by die ouers huweliksontbinding wat lei tot gesinsontbinding en by die kinders sorgbehoewendheid as gevolg van onbekwaamheid van die ouers om hulle kinders

---

1) Keyter: Gesinsontwrigting -- die aard en omvang; p. 12.

2) De Vries: De dienst van de Kerk aan de Industrie - arbeider. p. 119.

te versorg en te beheer; onbeheerbaarheid by die kinders as gevolg van miskenning van die ouerlike gesag; jeugmisdaad en jeugwangedrag; seksuele misdadigers en afwykings by jeugdiges, ens.

Dat hierdie en ander sosiaal-patologiese verskynsels die gevolge is van die krisis in waardes, is duidelik af te lei uit die aard en omvang wat die verskynsels aanneem en die feitlike omstandighede wat deurgaans tydens die ondersoeke van die probleme aangetref word.

(iii) Tönnies se opvatting in breë trekke toegepas op die gemeenskapsverhoudinge in die gesin.

Die gesin wat deur Tönnies as 'n vorm van Gemeinschaft gesien word, het 'n eie identiteit wat tot uiting kom in die gemeenskapsverhoudinge en liefdesbindinge tussen ouers en kinders onderling. Die hoogste roeping van hierdie „intimate face to face group" [1], is die verwesenliking van die intieme liefdesverhoudinge tussen ouers en kinders wat andersoortig is as die verhoudinge van alle ander samelewingsvorme en veral die Gesellschaftsvorme wat deur Tönnies gesien word as dié van 'n onpersoonlike aard.

Nou is dit opmerklik dat die krisis in waardes reeds sy oorsprong daarin het dat die intieme gesinsverhoudinge in so'n mate onpersoonlik word, dat die gesinseenheid verbrokkel tot 'n Gesellschaftsgroep. Die onpersoonlikheid van die ouerhuis as saamkomplek, die familietafel, die gesamentlike gesinsontspanning, ens., is almal bewyse van die waardeverlies wat die Gemeinschaft ondergaan het as gevolg van die afsydige, kortstondige en

---

1) Cooley: Social Organization; hoofstuk 3.

dikwels vyandige verhoudinge wat kenmerkend is van die Gesellschaft, soos deur Tönnies beskryf.

(iv) <u>Enkele riglyne vir die toekoms</u>:

(1) Die spanninge in huisgesinne hoef nie noodwendig tot botsings te lei nie. Die godsdienstige of Christelike atmosfeer in die huisgesinne is uiters noodsaaklik. Die waarde van die stoflike word te dikwels ten koste van die geestelike aanvaar, wat 'n vervlakking in die verhoudinge tussen gesinslede bewerkstellig. Te dikwels gaan dit meer oor hoe en wat ons aantrek of eet of waar ons woon, as om wat en hoe ons doen en optree teenoor mekaar en in die samelewing. Die gesin moet vashou aan die beproefde lewenswaardes.

(2) Ons moet tred hou met die tyd deur op die grondslag van die norme en lewenswaardes waarin ons glo, te bou en die verval en krisissituasies wat vandag gevind word, bestry.

(3) Om die gees van sekularisasie teen te werk, is dit nodig dat die Bybel in die huisgesin geken word en dat 'n noue verband en kontak met die kerklike lewe gesoek moet word. Oral moet ons bely en beleef dat elke geskape mens 'n religieuse, op God gerigte karakter het en dat ons op elke terrein van die lewe uit genade en geloof die koninkryk van God moet soek.

(4) Waar die begrippe „sosiaal" en „christelik" onlosmaaklik verbonde begrippe is, moet nie geaarsel word om die regter hiërargie van waardes, die basis van die norme en waardes, die maatskaplike deugde en die integrasie van die moderne kultuur in die gesinslewe toe te pas en uit te dra nie.

(5) Die ouers van skoolgaande kinders moet hulle taak en roeping in die lig van die doopsbelofte nakom - d.w.s. op alle terreine van die lewe moet hulle saamwerk en help; die skool, die kerk, sportgroepe, ens.

(6) Die invloed wat die verstedelikingsproses op die gesinsbindinge het sien ons veral in die vermaatskapliking van die fundamentele funksies van die huwelik en gesin. Die gemeenskapsverhoudinge en bindinge word geleidelik opgelos in die maatskaplike verhoudinge, dit wil sê die gemeenskap kom teenoor die maatskap te staan.

# HOOFSTUK V.

## Enkele aspekte van die aard en invloed van die krisis in die gemeenskap van die tydelike, sigbare kerk.

### 1. Inleiding.

Veel verder as die basiese samelewingsvorme, nl. huwelik en gesin, strek die vraagstuk van gemeenskap en die samelewingskrisis en die invloed van die kragte wat in die huwelik en die gesin te sien is en daar kan ook gesê word: „dat deze krachten de kerk en het kerkelijk leven niet onberoerd laten, is eveneens komen vast te staan" 1).

Hierdie krisis op godsdienstige terrein raak egter die normatiewe struktuur van die huwelik en gesin in sy wese want: „De ‚geloofspraktijk' in veel gezinnen vormt geen integrerend bestanddeel van het gezinzleven meer. De godsdienstige handelingen worden vaak automatisch verricht of geheel afgeschaft" 2).

Voordat ons egter op die aard, omvang, oorsake en gevolge van hierdie krisisverskynsel ingaan, wil ons kortliks 'n struktuuranalise van die kerk as tydelik sigbare samelewingsvorm gee om aan te toon dat die wortels van die geloof en gemeenskap aangetas word.

### 2. Die Kerkinstituut as geloofs- en kultusgemeenskap:

(i) Definisies en omskrywinge van die kerkinstituut:

(a) Met betrekking tot die funksie van die kerk meen Kruyt die kerk is 'n geloofsgemeenskap 3).

---

1) De Vries: De dienste van de kerk aan de Industriearbeider; p. 15.

2) Ibid, p. 128-129.

3) Vgl. Smits, P.: Kerk en Stad; 's Gravenhage, 1952; p. 94.

(b) „...de institutair georganiseerde gemeenschap van Christ-gelovigen in de dienst van het Woord en van de sacramenten" 1).

(c) „De kerk is de gemeenschap, die gekwalificeerd is door het geloof in het geopenbaarde Woord van God. Als er geen eenheid in dat geloof is, kan de kerk niet naar haar aard-hoogstens nog als een sociaal verband - functioneren" 2).

(d) „Het op de eis der Goddelijke Woordopenbaring gegronde geloofs- en cultusverband van Christgelovigen in de eenheid van belijdenis en eredienst en onder leiding van de geïnstitueerde ambten tot de dienst des Woords (en der Sacramenten) en tot de dienst der onderlinge liefde" 3).

(e) „Die kerk is na sy wese die tydelike en plaaslike gemeenskap van gelowiges in Christus deur die Gees van God vergader rondom Sy Woord" 4).

(f) „Met die ‚sigbare kerk' dui ons aan die hele tydelike samelewing vir soverre dit leef uit die nuwe Wortel, Jesus Christus, en sy kragte diensbaar maak aan die koms van Sy Koninkryk. Tot die ‚sigbare kerk' behoort dus die Christelike huwelikslewe en die Christelike gesin, die Christelike staat en

---

1) Spier: Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee; p. 221.

2) Van Riessen: De Maatschappy der Toekomst; p. 355-356.

3) Van Dijk: Mens en Medemens, p. 115. Vgl. Popma, K.J.P. p. 104, oor kerklike gesag, en p. 44.

4) Van der Walt, J.P.: 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie, met spesiale verwysing na die laerskool. Ongepubliseerde Doktorsverhandeling, Potchefstroom, 1959; p. 553.

die Christelike skool en alle ander maatskaplike verbande wat gerig is op Hom, die Koning wat geself is oor alle dinge in hemel én op aarde. Maar tot die ‚sigbare kerk' behoort ook die kerk as instituut, wat as geloofsverband naas al hierdie ander verbande staan" [1].

(ii) Analise van die definisies en omskrywinge:

(a) Volgens bogenoemde definisies e.a. word daar deurgaans aanvaar dat die primêre funksie van die kerk te vinde is in die pistiese kring, in sy onafskeidelike korrelasie, met die swaardmag van die Woord van God.

(b) Naas die begrippe „onsigbare" en „algemene" kerk, staan die begrippe sigbare of tydelike kerk en 'n bepaalde kerkinstituut. Taljaard onderskei in sy beskrywing van „sigbare kerk" soos Spier [2], tussen „onsigbare kerk" en „kerkinstituut". Laasgenoemde vorm slegs een van die samelewingsverbande wat saam met die ander uit die Wortel, Jesus Christus, lewe.

(c) „Die swaardmag van Gods Woord is alleen te verstaan as geloofsmag, omdat die bestemmingsfunksie sy stempel afdruk op die struktuurfunksies. Die kerk kom tot alle mense met die eis van die gemeenskap van die gelowiges en

---

1) Taljaard, J.A.L.: Lewens- en wêreldbeskouingsleer B. Die menslike samelewingsverbande. 'n Analise van die skool, die huisgesin, die staat en die kerk: struktureel en in hulle enkaptiese vervlegting, met besondere aandag aan die opvoeding en onderrig. Pro Rege-Pers Bpk., 1960; p. 15.

2) Spier: Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee; p. 216.

doen 'n beroep op menseharte onder die uitsluitende sanksie van die mag van Gods Woord, en die Evangelie" [1].

(d) Die grond- en leidingsfunksie word by al die bogenoemde skrywers benadruk en daarom let ons kortliks op hulle.

(iii) Twee radikale funksies bepaal die gemeenskapsaard van die geloofsgroep.

Die kwalifiserende funksie van die kerk as instituut is die geloofsfunksie aangesien die kerk 'n geloofsgemeenskap is: mense met dieselfde geloof belydenisskrifte, ens., alhoewel verskillend van nasionaliteit, beroep, stand, leeftyd, ens. Die geloofsfunksie as grensfunksie wys heen bo die tydelike werklikheid. na Hom wat die Oorsprong is van alle dinge.

Die innerlike eenheid van die gemeenskapsverhoudinge in die kerk as instituut word deur 'n historiese vorming en organisasie teweeggebring, wat eie is aan die struktuurprinsipe van die kerk as instituut.

Die geloofsfunksie as bestemmingsfunksie

---

1) Van der Walt, J.P.: 'n Historiese prinsipiële beskouing oor die opvoedkundige sosiologie; p. 553.

bind die lidmate van die kerk as instituut saam tot 'n groep wat een is in belydenis, leer en wandel volgens eise van die Heilige Skrif.
Die gemeenskapsaard van die groep word deur die aanvaarding van die gemeenskaplike belydenis bepaal, sodat die gees van aanbidding, samesyn en verhoudinge 'n eie identiteit openbaar.

Verder word die eenheid van die gemeenskapsverhoudinge deur die historiese vorming en organisasie tot volle ontplooiing gebring deur die funderingsfunksie d.i. die historiese Woordmag van God wat die gemeenskapsaard in die ontwikkeling uitmaak.

Waar die funksies hulle waardes verloor, daar word die normatiewe aard van die kerk as instituut egter in sy fondamente geraak en is daar spreke van 'n krisis in die tydelike, sigbare kerk. Dat dit wel 'n karaktereienskap is van die kerk vandag word deur vele aanvaar, daarom gaan ons oor tot die bespreking van die aard van die krisis.

3. <u>Enkele aspekte van die aard van die krisis in die tydelike, sigbare kerk</u>.

<u>Oorsake van die krisis</u>

(a) <u>Sosiale verandering</u>:

Saam met die veranderinge in die samelewing verander ook die lewe en verhoudinge in die kerk. Banning skryf dat dit vir die sosiologie vanselfsprekend is dat daar 'n samehang is tussen die kerklike en godsdienstige lewe en die ekonomiese en sosiale struktuur. „Wil men de functie van de kerk in een streek verstaan en eventuele wijzigingen daarin, dan moet het verband met het economische en sociale leven voortdurend in het oog worden gevat" 1).

1) Banning, W.: in sy <u>Inleiding op het Handboek voor Pastorale Sosiologie</u>. 's Gravenhage; 1953.

Mannheim wys daarop dat bepaalde sosiale omstandighede die gevoel van kontemplasie kan terughou of bevorder.' [1]

Sosiale verandering binne sowel as buite die kerklike instituut het die krisiskarakter teweeggebring. Enkele veranderings buite die kerk word genoem, nl.

(i) Met die ontwikkeling van wetenskap en tegniek asook die ekonomiese vooruitgang het die maatskappy 'n verandering t.o.v. dinamiese ontwikkeling ondergaan sodat 'n ongekende mobiliteit onder die bevolking, veral tussen stad en platteland, sowel as binne hierdie twee gebiede voorkom. „Als zo 'n traditionele kerkganger naar een andere plaats verhuist volgt tien tegen één een breuk met de kerk; of beter misschien gezegd: een ongemerkte ontgroeiing aan de kerk, want breuk betekent een bewuste losmaking." [2] Hierdie negatiewe invloed reik egter nog verder, want daar is „a close relationship between family disorganization and mobility" [3].

(ii) Tweedens is daar die gesinsituasie of moeilike gesinsomstandighede wat die gevolge is van sosiale veranderingsprosesse wat op hulle beurt weer die krisis in die kerk beïnvloed. Banning se ondersoek [4] in dié verband het getoon dat onkerksheid grootliks

---

1) Mannheim, K: Diagnosis of our Time; p. 147-149

2) Kruyt, J.: Onkerklikheid in Nederland. Groningen 1933; p. 280.

3) Prof. Mowrer: Family disorganization and Mobility, in J.V. Langmead Casserley: The retreat from christianity in the modern world. London; P.127.

4) Banning, W.: Onderzoek naar de verhouding van een groep arbeiders t.o.v. kerk en godsdienst. (Soc. Bull. jr. '49 No. 1).

tot oorsaak het die veranderde omstandighede in die tekort aan religieuse opvoeding deur die ouers, die gemengde huwelik en die moeilike huislike omstandighede.

(iii) Derdens kan genoem word die verandering in sosiale welstand van 'n gemeenskap. „Een lege welstand leidt gemakkelijk tot een laksheid in de godsdienstige praktijk, omdat zij een sociaal verschil accentueert, waarbij de kerk dikwijls geïdentificeerd wordt met hen die het sociaal beter hebben" 1).

(iv) Binne die kerk self het daar ook geweldige verandering ingetree wat die formele bediening van Woord en sakramente asook van leerstellinge en interpretasies van die Skrifwaarheid en die toepassing daarvan binne die erediens self en in die onderskeie ampte betref.

Dikwels is die formele waarhede en gebruike ingeboet vir gemak en menslike goeddunke sodat die krisiskarakter 'n intensivering ondergaan het. Die bande het los geword en die selfgemaakte bindinge laat wel deeglik hulle invloed op kerkloosheid en kerklosheid geld.

(b) Aantasting van die twee radikale funksies van die Kerkinstituut.

Waar 'n geloofsgemeenskap besig is om sy vertroue op wetenskaplike bewysgronde en materiële welvaart, in plaas van op geloofsvertroue en geestelike verryking te stel, word die bestemmingsfunksie van die kerkinstituut aangetas.

---

1) De Vries: De dienst van de Kerk aan de Industrie-arbeider; p.130.

Die gemeenskapsaard van die geloofs- en kultusgemeenskap word grootliks bepaal deur die geloofsband tussen die lidmate as bruid en Christus as die bruidegom. Waar dus die bestemmingsfunksie van die Kerk as instituut aangetas word, vind ons een van die belangrikste oorsake van die huidige krisis in die samelewing en met name op die terrein van die godsdienstige gemeenskap : die Kerk.

Die kerk as instituut berus op sy eie amptelike organisasievorm, en as samelewingsvorm is hy deur God self in die lewe geroep. Die geskiedenis het egter geleer dat ook die historiese funksie van die Kerk nie ontkom het aan die wysiginge van prosesse van sosiale verandering en van die gees wat onder aanvoering van sekere magte, onder die moderne mens vaardig geword het nie. Histories het die mens „het slachtoffer geworden van een normenchaos" 1).

Hierdie „normenchaos" het tot oorsaak die gebrek aan 'n konsekwente waardebepaling t.o.v. geestelike en materiële waardes. Die verabsolutering van laasgenoemde is dan die volgende oorsaak in die bespreking van die krisis in die Kerk as instituut.

(c) <u>Materialisme:</u>

Die gemeenskapsaard van die deursnee-kerkganger word tans dikwels gekenmerk deur 'n tendens van : die geloof in God kan alleen aanvaar word, vir sover dit nuttig en voordelig is. „Want het materialisme haalt de zedelijke waarden omlaag tot het peil van

---

1) De Vries: <u>De dienst van de Kerk aan de Industrie-arbeider;</u> P. 132.

utilistische en hedonistische berekening. Daarom leidt deze levenshouding tot een zedelijke degeneratie" 1).

Hierdie gevaarlike lewenshouding het die samelewing reeds sover binnegedring dat Sorokin uitroep: „De mens is een speelbal geworden in de handen van de meest toevallige krachten" 2).

Ook in die huis van die Here het die klere wat ons aantrek, die gebou waarheen ons optrek, die bedrag wat ons gee, ens., 'n hoogs belangrike faktor geword met betrekking tot ons posisie in die Kerk, ons vriendekring en ons stand in die samelewing.

Die „gebruiksmaterialisme" het besit geneem van 'n groot gedeelte van die geloofsgemeenskap, sodat die Kerk by die uitoefening van sy funksie as draer van 'n bepaalde komponente kultuurmassa, 'n wysiging van gedragspatrone vertoon.

Of die Kerk nog 'n waardige draer en oordraer is van 'n waardige kultuurmassa, is die volgende vraag wat behandel word en nl. as volgende oorsaaklike faktor van die hedendaagse krisis op dié terrein.

(d) Die kerk as draer en oordraer van 'n bepaalde komponente kultuurmassa.

As instelling met 'n bepaalde struktuur, het die Kerk, of liewer die geloofsgemeenskap, met sy bepaalde gedragspatrone en veral sy leer en lewensbeskouing, 'n beslissende invloed op

---

1) De Vries: De dienst van de Kerk aan de Industrie-arbeider; p.126.

2) Sorokin, P.A.: De crisis onzer eeuw; Deventer, 1950; p. 114.

die ontwikkeling van die samelewing.

Hierdie gedragspatrone, ens., saam met die eiesoortige kultuurskatte, materieël sowel as geestelik, het in die snel-ontwikkelende samelewing 'n geweldige verandering ondergaan. Die Kerk as draer van 'n bepaalde komponente kultuurmassa het grotendeels die draer en oordraer van 'n veranderde kultuurmassa geword.

As ons let op die handhawing en oordrag van ou gedragspatrone by die kerkinstituut as sodanig, dan vind ons dat die individuele karakter besig is om op te gaan in die valse ekumeniese en sosialistiese strewe na „eenheid" ten koste van die godgeskape verskeidenheid.

Met betrekking tot die lidmate as sodanig in hulle besondere ampte as gelowiges, verkondigers van die Woord, opsieners en diakens, is 'n soortgelyke gees te bespeur.

Die geloofsgemeenskapsverhoudinge en voorheen so kenmerkende saamhorigheidsgevoel wat 'n eenheid in belydenis en lewenswandel te midde van die verskeidenheid gekenmerk het, is vinnig besig om die karakter van 'n „Gesellschaft" aan te neem. (Al te dikwels word die fundamentele, op die Skrif gegronde verskille ten koste van die bewaring van die vrede verdoesel en verdraai.)

As draer van 'n bepaalde komponente kultuurmassa vertoon die Kerk as instituut 'n krisisaard wat roep om genesing. Die uitwerking en gevolge van die krisisaard is duidelik te sien in die gemeenskapsaard van die kerk as geloofsgemeenskap.

4. <u>Uitwerking en gevolge van die krisis vir die gelowiges in die tydelike, sigbare Kerk.</u>

(i) <u>Kerkloosheid</u>.

Om kerk toe te gaan, beteken om gemeenskap te beoefen met die heiliges. Die Kerk verenig die mense op 'n heel besondere manier, deur prof. du Preez soos volg genoem: „na daardie fundamentele lewensaspekte van die mens, wat die kern uitmaak van die godsdienstige lewe, nl. die geloof en die liefde, en wat aan alle kerklike lewensuitinge hul spesifieke eie-geaardheid verleen. Hierdie kerklike lewensuitinge is dan ook radikaal verskillend van bv. ekonomiese, psigologiese, sedelike, estetiese lewensuitinge" [1].

Maar „It may be true that we live in an irreligious age, and probably true that never since the days of the early Christian Fathers have there been so few practising Christians in the world. Perhaps it is true, too, that England has practically lost stronghold of Christianity in Europe, the last century where both government and the governed pay at least lip service to the Christian creed" [2].

Kerkloosheid as wesenskenmerk van die huidige krisis is egter in alle lande ter wêreld in mindere of meerdere mate te sien. Daarom praat Banning van die tendens: „in de moderne maatschappij wordt door millioenen de bezielende kracht voor hun leven, de overgave in gehoorzaamheid, de troost in leven en sterven elders gezocht en gevonden dan in de godsdienst" [3].

Sosiologies gesien, het die kerkloosheid van

---

1) Du Preez, D.C.S.: Die godsdienssosiologie en die Kerk, in: Mens en gemeenskap, April 1960; p. 272.

2) MacAlister Brew, J.: Youth and youth groups. Faber and Faber, London; p. 272.

3) Banning, W.: Enkele sociologische opmerkingen over het secularisatie-proces, in Sociale Leven dl. 1. p. 538.

die mens die hele samelewing beïnvloed in al sy vertakkinge, want „ons staan vandag voor die onweerlegbare feit dat daar groepe is wat in die tydperk van drie geslagte so gedegenereer het dat hulle tot naakte, brutale heidendom versink het" 1).

Hierdie term kerkloosheid veronderstel ook dat die Kerk sy waardigheid as Kerk verloor het - dat dit prakties geen of weinig krag besit. In hierdie verband sê Van der Walt: „Die moeilikheid is egter dat die Kerk self veelal kontak met die lewende Christus verloor het, omdat dit kontak met die Heilige Skrif verloor het, as Woord van God. Daarom dat die Kerklike prediking g'n krag meer besit nie." 2)

Die gevolge van die krisis strek egter nie alleen sover dat die gemeenskap : mens tot Kerk verbreek is nie, maar dat ook die onderlinge verhouding tussen die gelowiges aangetas is - die funksies van die bindinge het verswak.

(ii) Gemeenskaploosheid tussen kerklidmate:

Die verhouding mens tot mens onder Christengelowiges of die gemeenskapsaard, word bepaal deur die liefdesgebod: Liefde tot die naaste. Hierdie onderlinge liefdesgemeenskap vind egter sy basis in die vertikale liefdesband tussen God en die mens, sodat waar laasgenoemde ontbreek, gevolglik ook geen onderlinge liefde kan wees nie.

Het geloofsleven vraagt een gemeenschap, een onderling begrijpen en meeleven. Het geloofsleven moet er onder lijden als deze gemeenschap

---

1) Jansen van Ryssen, J.W.: Die Messias uit die aarde. 2de druk Pro Rege-Pers Beperk, Potchefstroom, 1956; p. 129.

2) Van der Walt, S.J.: Die mens of God? of perspektiewe van moderne Humanisme, Mörester Drukkery, Potgietersrus, 1956; p. 129.

ontbreekt" [1].

Dat hierdie onderlinge band losgeraak het, is nouliks te betwyfel, aangesien die verhouding mens tot mens nie alleen buite die Kerk in die samelewing nie, maar ook binne die geloofsgemeenskap deur „gemeenskaploosheid" gekenmerk word.

(iii) Verwêreldliking.

Onder „secularisatie" verstaan wij het maatschappelijk-geestelijk proces van het teruggedrongen worden der godsdienstige factoren uit het algemene leven, en het in de plaats daarvan treden van krachten en normen uit de profane wereld" [2].

In negatiewe sin het die maatskaplike ontwikkeling hierdie proses in 'n groot mate versnel en bevorder. Is die algemene lewe dan nie vandag juis 'n weerspieëling van 'n gebrek, en dikwels van 'n ontbreking aan „godsdienstige factoren" nie?

Die gemeenskapslewe van die moderne mens word al te dikwels gekenmerk deur 'n verplasing uit die geestelike stand in 'n wêreldlike.

In hoe 'n mate dui die moderne sierlike kerkgeboue op 'n tydelike „aardse tentwoning"? Kan die hedendaagse Kerke nog aanspraak maak op die woorde: „ons is in die wêreld, maar nie van die wêreld nie"?

Helaas, die tendens van sekularisasie is besig om die wese van die Kerk aan te tas, en tereg kan hierdie voortskrydende proses van verwêreldliking gesien word as een van die belangrikste gevolge

---

1) De Vries: De dienst van de Kerk aan de Industrie-arbeider. p. 531.

2) Banning: Enkele sociologische opmerkingen over het secularisatie-proces; p. 531.

wat die krisis in die kerk as samelewingsvorm op die gemeenskapsaard van die gelowige het.

Op sy beurt vind hierdie sekularisasie-proses - die verwêreldlikingsproses - sy vernaamste oorsaak in die mag van die tegniese en ekonomiese vooruitgang, wat die afhanklikheidsgevoel van die geloofsmag en skrifgesag verswak. Die mens lewe nie alleen van die aarde nie, maar ook vir die aarde; die waardebepaling ten opsigte van gees en stof het 'n krisis bereik : die een is nie meer net so belangrik nie, maar die een word ten koste van die ander verabsoluteer of veraf-god, en veral onder invloed van die verstedelikingsproses.

(iv) Ekumeniese strewe:

'n Vierde gevolg van die krisis in die Kerk as instituut is die valse ekumeniese strewe wat uiteraard 'n gevolg is van die krisis of afval in die geloofslewe.

Tydens die stigting van die Wêreldraad van Kerke in 1948 in Amsterdam was die vernaamste motiewe wat aan hierdie beweging ten grondslag gelê het, die herontdekking van die wese van die Kerk volgens die Nieu-Testamentiese opdrag, te midde van 'n ontkerstende wêreld. Die ekumeniese beweging as sodanig strewe na „de hereniging der in de loop der eeuwen in menig opzicht uiteengevallen chr. kerk" [1].

Die soeke na 'n ware eenheid van die Kerk van Christus is altyd nodig, aangesien die Heilige Gees hierdie strewe steeds versterk. „Want dit

---

1) Christelijke Encyclopedie. Deel V, J.H. Kok N.V. Kampen, 1960; p. 244.

staat vast, het verlangen om allen, die Hem in waarheid toebehoren, niet <u>tegenover</u> elkaar en niet <u>naast</u> elkaar, maar in <u>gemeenschap met</u> elkaar te doen leven - ook in de kerkelijke zin van het woord - is uit de Heilige Geest" 1).

Die valse ekumeniese strewe onder die lidmate van die verskillende Kerke kan gesien word in die gees wat vaardig is, nl. om eerder as om die stryd aan te knoop - al is dit vyandskap met jou vriende en die wêreld - ter wille van die die suiwere belydenis en Skrifwaarhede, word nie alleen geswyg nie, maar aan al die Kerke wat aan dieselfde God glo, dieselfde identiteit te verleen.

Hierdie valse ekumeniese strewe by die lidmate, wat 'n gevolg is van die krisis in godsdienstige waardes, tas nie alleen die gemeenskapsaard van indiwidue en groepe in die samelewing waar die religie sy rol speel, aan nie, maar dit verlaag die wesentlike identiteit van die geïnstitueerde geloofsgemeenskap tot 'n „Gesellschaft", in die strewe na 'n valse eenheid deur uitwissing van grense

Die Gereformeerde Kerk spreek hom teen hierdie ekumenisme soos volg uit: „Die veelheid van kerke word aanvaar, maar nie om daarby te berus nie. Nie om die verskille te oorkoepel of 'n eenheidstruktuur op te rig oor die kerke heen nie, maar om die eenheid te soek en te vind. Die pluraliteit is nie maar

---

1) <u>Verdeeldheid en gemeenschap, Enige uitspraken van de generale synode van Apeldoorn 1961 - 1962 nader toegelicht</u>, J.H. Kok N.V. Kampen, 1962; p. 10.

ŉ verskeidenheid nie, maar ŉ sondige geskeidenheid wat nie mag wees nie. Die verskillende kerke moet nie gesien word as aanvullende dele van een geheel nie, maar as stukke van ŉ geskeurde geheel. Die eenheid van die kerk as mistieke liggaam van Christus is werklikheid, maar die eenheid van die uitwendige kerk is ŉ goddelike eis en opdrag" [1].

(5) Tönnies se opvatting in breë trekke toegepas op die geloofsgemeenskapsverhoudinge in die Kerkinstituut.

Die radikale funksies van die kerk bepaal die gemeenskapsaard d.w.s. die intensiteit en duursaamheid van die verhoudinge in ŉ geloofsgemeenskap in die sin van broeder- en susterlike verhoudinge.

Onder invloed van al die magte genoem en veral industrialisering en verstedeliking verloor hierdie geloofskrag sy innerlike drywing tot die geloofsgenote onderling om geleidelik opgelos te raak in die maatskaplike verhoudinge buite die kerk. Die geloofsgemeenskap met sy bindinge, selfs binne die kerk, word gevul met die maatskaplike waardeur ŉ volk sy vernaamste anker in die lewe nl. die geloofsanker bou op rotse en wilsand van die sekularisme in die samelewing.

(6) Enkele riglyne vir die toekoms.

Waar ons slegs kortliks op enkele aspekte van die aard, oorsake en gevolge van die krisis in die tydelike, sigbare Kerk as geïnstitueerde geloofsgemeenskap gelet het, was dit duidelik dat daar as gevolg van die omvang en intensiteit van die krisiskarakter, ŉ radikale wending en ommekeer teweeggebring sal moet word, aangesien die kerknorme volgens skrifnorme die gedragspatrone en

---

1) Acta, Gereformeerde Sinode; 1958; p. 79.

verhoudinge vir die gemeenskapsbindinge in sowel binne die kerk as daarbuite aandui.

Van Riessen sê dat „de maatschappelijke vrijmaking gepaard moet gaan met een geestelijk herstel, met de overwinning van onze geestelijke crisis" [1].

Om die ware gemeenskap tussen mense te bewerk, is in hierdie bedeling onmoontlik. Sonder die krag van God is die stryd van die gelowige tevergeefs. Tog word ons opgeroep om met wat ons ontvang het : hart, siel, verstand en kragte, te bid en te werk. „Nog sterker dan voorheen heeft de christen in dit alles zijn eigen weg te gaan, de antithese die dat oproept niet schuwend. Overal heeft hij te belijden en te beleven, dat al het geschapene een religieus, een op God gericht karakter heeft, dat Jesus Christus mens en wêreld daartoe verlost heeft en dat de mensen op ieder terrein van het leven uit genade en door geloof het Koninkrijk Gods moeten zoeken" [2].

Die ewewig of balans tussen die geestelike en die stoflike moet gehandhaaf word en behoue bly.

---

1) Van Riessen: De Maatschappij der toekomst; p.350.

2) Ibid: De moderne cultuur en de Christelijke school; p. 14 - 15.

# HOOFSTUK VI.

## Enkele aspekte van die aard en ivloed van die krisis in die staat en die vraagstuk van gemeenskap.

### 1. Inleiding.

„Het gaat in de huidige crisis niet maar alleen om politieke of economische wanverhoudingen, neen, ook kunst, wetenschap, filosophie, religie, gezin en huwelijk zijn daarbij betrokken" [1]. Naas hierdie aanhaling van Kooistra roep Sorokin uit: „It consists in a disintegration of a fundamental form of Western culture and society dominant for the last four centuries" [2].

Sosiologies besien, het die huidige publiekregtelike of demokratiese staatsvorm in die loop van die geskiedenis, as gevolg van sekere sosiale kragte en prosesse, verskeie stadia deurgemaak waarop nie ingegaan word nie.

i) Die grootste deel van die 19de eeuse samelewing is beheers deur die idee van „Laissez faire, laissez passer". Dit was 'n bedreiging vir „de persoonlijke vrijkeid (sowel) als voor het algemeen belang van den staat" [3]. Die individu is opgehemel en „Een schier anarchistische geest maakte zich van de mensen meester. Het politiek liberalisme vierde zijn triomfen. Algehele staatsonthouding ... werd gepredikt" [4].

ii) Dengerink verklaar: „Eers door de vrije werking der economische krachten zouden handel en industrie tot volle ontplooiing kunnen komen" [5].

---

1) Kooistra: De Gereformeerde Theoloog en de Sociologie; p.62.

2) Sorokin: The crisis of our age; p. 17.

3) Dengerink, J.D.: Critisch-historisch onderzoek naar de Sociologische ontwikkeling van het beginsel der „Souvereiniteit in eigen kring" in de 19de en 20ste eeuw; J.H.Kok NV. Kampen 1948; p. 7.

4) Idem.

5) Idem.

As gevolg van die snelle ontwikkeling van die tegniek na die Renaissance is hierdie ontplooiing grotendeels volvoer en „Hiermede vervulde het liberalisme ondanks zichzelf zijn taak in de wêreldhistorie..." 1).

